

Landbouvooruitskouing
Lente Uitgawe
2017/2018



kenia zambië weer groente sitrus avokado's makadamianeute pekanneute wild volstruise

Van voedselverbouing tot veeteelt, ons sal daar wees.

Met meer as honderd jaar ondervinding in landbou en veeteelt, het ons vennootskappe met geslagte boere gesluit sodat hulle kon floreer. Ons is trots daerop om saam met jou en jou gesin die toekoms in te stap.

 Gaan na Absa Besigheidsbankwese

Maak deure oop. [Floreer.](#)



Inhoud

4 Voorwoord

6 Bydraers

7 Bronne

Afdeling 1 – Ekonomie en weer

8 Ekonomie

12 Bylaag A: Ekonomiese oorsig tabelle

14 Weer

16 Kenia

18 Zambië

Afdeling 2 – Groente en vrugte

20 Groente kommoditeite

24 Sitrus

28 Avokado's

Afdeling 3 – Neute

30 Makadamineute

34 Pekanneute

Afdeling 4 – Wild en volstruise

36 Wild

40 Volstruise

42 Bylaag B: Bedryfstabelle

51 Kontakbesonderhede

REDAKSIE:
Saamgestel deur *Farmer's Weekly*
vir Absa Bank.
Redakteur: Denene Erasmus
Kunsredakteur: Vian Roos
Subredakteur: Janine Ryan
Vertaling: Glenneis Kriel
011 889 0836
farmersweekly.co.za

GEDRUK DEUR CTP Web Printers, Kaapstad.

KOPIEREG © 2017 Absa Bank
Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, versprei of oorgedra word sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die uitgewer.

VRYWARING: Terwyl die nodige sorg geneem word om akkuraatheid te verseker, Absa Bank en *Farmer's Weekly* kan nie aanspreeklik gehou word vir enige foute in produk lyste of beskikbaarheid, pryse of enige ander inligting nie.

Voorwoord

Jacobus Wells, hoof van Absa AgriBesigheid Afrika



As hoof van Absa AgriBesigheid Afrika, is dit vir my 'n plesier om Absa se vooruitskouing vir Lente 2017/2018 bekend te stel.

Geskryf en saamgestel deur Absa se interne span landbou-ekonome, sowel as eksterne spesialiste in verskeie velde, is hierdie vooruitskouing geskryf vir Absa se kliënte wat betrokke is in die daaglikse werking van die land se ekonomie.

Doel

Die vooruitskouing gee 'n oorsig van die globale, Suid-Afrikaanse en landbou ekonomieë, saam met die impak van hierdie op boere en produsente. Die doel van die vooruitskouing is om produsente bewus te maak van tendense wat besig is om oor die korttermyn te verander, sodat hulle voorbereid kan wees op moontlike veranderinge in die nabye toekoms en daarby kan aanpas. Dit bied ook vooruitsigte vir die weer; wild; volstruise; sitrus; groente, insluitend aartappels, tamaties, uie en wortels; en subtropiese vrugte,

soos avokado, makadarnianeute en pekanneute.

Die vooruitskouing bied berekende opinies oor die toekoms van Suid-Afrika en die landboubedryf se ekonomieë, sowel as van geselekteerde gewasse en produkte, soos hierbo genoem.

Met 'n strekking van een to vyf jaar in die toekoms, fokus hierdie vooruitskouing ook op toekomstige tendense wat dalk mag afwyk van die basislyn, afhangend van die produk en kommoditeit.

Die vooruitskouing beklemtoon veranderende tendense, risiko's en geleenthede vir diene wat betrokke is by die produksie van die kommoditeite hierbo gelys.

Bydraers

Wessel Lemmer: Hierdie senior landbou-ekonoom by Absa, skryf weekliks rubrieke vir die landboutydskrif, *Landbouweekblad*, oor aktuele onderwerpe. Hy deel informasie, adviseer kliënte en gee voorleggings oor uitdagings wat die ekonomie in die gesig

staar in verskeie media-formate van gedrukte media tot radio en televisie.

Karabo Takadi: As Absa landbou-ekonoom, publiseer Takadi weeklikse verslae oor die nuutste landboutendense vir lewendehawe, sowel as weeklikse beespryse wat met teksboodskappe na kliënte gestuur word. Sy lewer ook maandelikse bydraes oor die stand van landbou in Afrika vir *Landbouweekblad* en die Rooivleisprodusente-organisasie se tydskrif. Verder lewer sy elke tweede week 'n bydrae oor huidige tendense in verskeie landboubedrywe, aan die Engelse landboutydskrif, *Farmer's Weekly*. Conce Moraba: As landbou-ekonoom by Absa, is Moraba verantwoordelik vir weeklikse verslagelering oor landboutendense wat op die graan- en oliesaad mark fokus. Sy lewer ook elke tweede week bydraes tot *Farmer's Weekly*.

Johan van den Berg: 'n Bekende vir sy weervoorspellings, wat die impak van moontlike

klimaatscenario's op landbou, in perspektief plaas. Van den Berg fokus op spesifieke streke, die gewasse wat daar geproduseer word en hoe die weer produksie in die streek kan affekteer.

Dr Flippie Cloete: Hoof van Terratek by Suidwes Landbou Ernst Janovsky: 'n Welbekende landbou-ekonoom, wat tans betrokke is by Absa Botswana.

Die vooruitskouing bevat ook bydraes van ander Absa landbou-ekonome in verskeie produksiestreke van Suid-Afrika en hulle insigte en perspektiewe op tendense wat besig is om te ontwikkel in die streke waar hulle werksaam is en interaksies het met Absa kliënte, die produsente.

Hulle deel hul opinies oor die toekomstige produksie, invoer, verbruik, uitvoer en geprojekteerde pryse van verskeie kommoditeite.

Ek het geen twyfel dat hierdie vooruitskouing, en sy toekomstige publikasies, nie net die primêre produsent nie, maar ook al die ander rolspelers en belanghebbendes in die landbou

waardeketting, sal help om korttermyn doelwitte te beraam en langtermyn besigheid strategieë te ontwikkel.

Ek wil almal bedank wat betrokke was by die skryf en samestelling van hierdie publikasie; en hoop dat u, ons besigheidsvennote, dit van onskatbare waarde sal vind.

Bydraers

Beatrice Githinji	Johan van den Berg
Conce Moraba	Karabo Takadi
Ernst Janovsky	Nomakhosi Nhlapo
Dr Flippie Cloete	Pieter de Jager
Jacobus Wells	Remmy Kantumoya
Jer Nortje	Thapelo Moleleki
JG Horn	Wessel Lemmer

Bronne

Absa AgriBesigheid
Absa Navorsing
Amerikaanse Departement van Landbou: Buitelandse Landboudiens
Amerikaanse Departement van Landbou: Ekonomiese Navorsingsdiens
Barclays Bank Kenia
Barclays Bank Zambië Plc
Business Monitor International
Fresh Plaza
Golden Peanut
Hortgro
Internasionale Monetêre Fonds
Internasionale Neut en Gedroogde Vrugte Raad Stigting
Klein Karoo Internasionaal
Mosstrich
Quantec EasyData
Santam Landbou
Sitruskwekersvereniging van Suider-Afrika
Suid-Afrikaanse Departement van Landbou, Bosbou en Visserye:
Samevatting van Landbou-ekonomie
Suid-Afrikaanse Inkomstediens
Suid-Afrikaanse Pekanneutprodusentevereniging
Suid-Afrikaanse Avokadokwekersvereniging (SAAGA)
Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer
Suider-Afrikaanse Makadamiakwekersvereniging (SAMAC)
Subtrop
Technofresh
The Economist
Trade Map
Westfalia



Ekonomie

Wessel Lemmer, senior landbou-ekoonom by Absa AgriBesigheid

Wêreld ekonomiese perspektief

Die groeiende vraag na voedsel

Die wêreldbevolking sal na verwagting groei van 7,4 miljard mense in 2017, na 7,8 miljard mense in 2022, met 'n gemiddelde aanwas van sowat 88 miljoen mense per jaar. Die wêreldbevolking groei dus elke jaar met meer as die totale bevolking van Duitsland, wat 'n bevolking van 83 miljoen mense het, Iran, met 'n bevolking van 81,4 miljoen mense en die Demokratiese Republiek van die Kongo, met 86,6 miljoen mense. China is die wêreld se digste bevolkte land, met 'n bevolking van 1,39 miljard mense. Indië volg met 1,33 miljard mense en dan die Verenigde State met 325,7 miljoen mense. Met 56,8 miljoen mense, word Suid-Afrika gelys as die vier-entwintigste digbevolkste land uit 191 lande. Daar word egter ver wag dat Suid-Afrika sal opskuif na die drie-entwintigste plek in 2022.

Toekomstige uitvoerbestemmings

Om die beste moontlike voordeel te trek uit uitvoermarkte, moet Suid-Afrika daarteen waak om nie alle landbou-uitvoere en bilaterale ooreenkomste op die wêreld se digbevolkste lande te fokus nie. In plaas daarvan, moet Suid-Afrika lande identifiseer met die hoogste verwagte groei in bruto binnelandse produk (BBP) per capita teen konstante pryse. In Asië, sluit dit lande in soos Mianmar (3de), Indië (4de) en Bangladesh (5de). Afrika-lande, soos Ethiopië (7de op die ranglys), Mosambiek (11de), Ruanda (17de) en Tanzanië (18de), sal ook na verwagting 'n relatiewe skerp groei in BBP per capita handhaaf teen konstante pryse. In die Verre-Ooste, vat China en Viëtnam onderskeidelik die 9de en 10de plek, terwyl Sri Lanka 22ste en Indonesië 28ste gelys word. Vergelyk hiermee die verwagtinge vir die Verenigde State, wat 137ste, en Duitsland wat 136ste gelys word. Angola, wat 186ste gelys word

en 'n belangrike bestemming vir Suid-Afrikaanse groente- uitvoere is, mag negatiewe BBP per capita groei toon oor die volgende vyf jaar. Dieselfde geld vir Zimbabwe, wat 188ste gelys is.

Wêreld ekonomiese groei (BBP per capita konstant pryse)

Sedert die finansiële krisis van 2007, wat aangehou het tot 2009, het die globale ekonomie gegroei van 0,13% teen reële BBP (aangepas vir inflasie) in 2009, tot 3,23% in 2017.

Na verwagting, sal die globale ekonomie aanhou groei teen 3,23% per jaar vanaf 2017, tot 3,59% per jaar vanaf 2022. Produktiwiteit sal ook na verwagting verbeter wêreldwyd.

Lande waar die beste ekonomiese groei per capita in reële terme verwag word, is China en Indië. Nietemin, is die verwagting dat China se ekonomiese groei sal afneem in reële terme, van 6% in 2017 na 5,1% in 2022, terwyl Indië s'n sal toeneem van 5,8% in 2017 na 6,7% in 2022.

Groei in reële BBP sal laag bly in die Noordelike Halfrond, maar behoort te verbeter in Afrika. Nietemin, word negatiewe groei in reële BBP in Angola en Nigerië tot 2022 verwag, terwyl dit waarskynlik negatief sal bly in Suid-Afrika tydens 2017 en 2018, waarna dié land, vanaf 2019 aan, weer positiewe groei in reële BBP sal ervaar.

Plaaslike ekonomiese perspektief

Bevolkingsgroei en kwantitatiewe verslapping

Suid-Afrika se bevolking het gegroei na 55,9 million mense in 2016, teen 'n gemiddelde aanwas van 1,8% per jaar. Die meerderheid van Suid-Afrika se werkbare bevolking van 25 jaar en jonger, soek werk. Om werk te skep, moet Suid-Afrika se ekonomie elke jaar met 5% groei. Die finansiële krisis van 2007 tot 2009 het Suid-Afrika se ekonomiese groei swaar getref en daartoe gelei dat groei van 5% voor die krisis, afneem na 'n

verwagte 0,5% in 2017.

Die kwantitatiewe verslappingsprogramme, wat deur ontwikkelde lande gevolg word, het nie ekonomiese groei in Suid-Afrika verbeter nie en die behoefte na kwantitatiewe verslapping om die waardevermindering van bates te voorkom, is nou hoër as met die piek van die finansiële krisis. Om die impak van kwantitatiewe verslapping op ekonomiese groei te beperk, het Suid-Afrika nodig om produktiwiteit te verbeter. Suid-Afrika se ekonomie word egter ook beïnvloed deur uitdagings wat spruit uit beleidsonsekerheid. Om produktiwiteit te verbeter moet produsente weet hoe om besighede deur hierdie onstuimige tye, tot die einde van 2019, te stuur en hoe om welvaar asook werk te skep.

Bestuur jou boerderybesigheid deur moeilike tye

Welvaartskepping word die maklikste verwerf met 'n kapitalistiese stelsel wat ekonomiese groei aanspoor, in 'n

veilige vertrouensomgewing. Suid-Afrikaners moet dus die grondwet respekteer, die doeltreffendheid van die grondwet se regterlike gesag bekragtig en die onafhanklikheid van die Reserwebank verseker. Dit sal verseker dat Suid-Afrikaanse burgers ingelig bly oor sake wat deurslaggewend is vir goeie dienslewering en die staatsbestuur.

Terwyl Suid-Afrika eerste plek vat teen ontwikkelde lande soos, Noorweë, Swede, die VSA en Australië as dit kom by deursigtigheid en verantwoordbaarheid van die nasionale begroting, bly die doeltreffende toewysing en implementering van die begroting steeds 'n uitdaging.

Verder is goeie onderwys van uiterste belang om produksie te bevorder en om die behoeftes van die groeiende bevolking te bevredig. Ongelukkig bly Suid-Afrika se opvoedingstelsel in 'n swak toestand.

Ten spyte hiervan, het Suid-Afrika uitstekende finansiële instellings wat dien as 'n basis

wat binnelandse en uitvoer-gedrewe besigheids groei bevorder. Daarmee saam het Suid-Afrika toegang tot 'n goed ontwikkelde handelsomgewing wat produsente toegang gee tot die nuutste tegnologie in die wêreld.

Nasionale voedselsekerheid

Die internasionale mededingendheid van Suid-Afrikaanse produsente verseker dat die land nasionale voedselsekerheid geniet, sodat landsburgers toegang het tot voedsel wat van die goedkoopste ter wêreld is. Selfs met voedselinfلاسie teen rekordvlakke in 2016, het *The Economist* se Big Mac-indeks Suid-Afrika se voedselpryse steeds as die 4de laagste uit 56 lande gelys as dit kom by bekostigbaarheid. Volgens die Wêreld-voedselprogram, word Suid-Afrika saam met ontwikkelde lande, soos die VSA en Australië, getel wat nasionale voedselsekerheid en hongersnood betref.

Suid-Afrika se primêre uitdagings is egter die groeiende

bevolking en voedselsekerheid vir huisgesinne wat, ten spyte van die bekostigbaarheid, nie kos kan bekostig nie.

Die impak van krediet-afgraderings

Kredietgraderingsagentskappe fokus op veranderinge in beleid en sekerheid, staatskuld en ekonomiese groei. Sou Suid-Afrika se ekonomiese groei nie verbeter nie, sal die waarskynlikheid van verdere krediet-afgraderings deur kredietgraderingsagentskappe toeneem, wat die rand teen ander globale geldeenhede sal laat verswak.

Die Reserwebank sal dan die rentekoers moet verhoog om sy mandaat te verwesenlik om die rentekoers onder 6% te hou en die waarde van die plaaslike geldeenheid te beskerm.

Die Suid-Afrikaanse landboubedryf is egter hoofsaaklik uitvoer-gedrewe en sodoende tot 'n mate verskans teen die negatiewe impak van 'n krediet-afgradering. Verdere beleggings in landbou


tydens sulke onstuimige tye moet vir die rede, nie oor die hoof gesien word nie.

Landbou-ekonomie

Daar word verwag dat die droogte in Suid-Afrika se somer- en winterreënvalstreke, tesame met die verswakking van die rand, 'n beduidende impak op die bruto produksie waarde van landbou sal hê.

Die verwagte toename in die ru-olie prys het 'n negatiewe effek op produksiekoste, terwyl die globale ooraanbod van kommoditeite kan lei tot laer internasionale produsente pryse.

Swak ekonomiese groei wêreldwyd sal ook Suid-Afrika se ekonomie affekteer, terwyl plaaslike beleidsonsekerheid en swak ekonomiese groei, onbedoelde gevolge mag hê indien verdere afgraderings van die land se kredietstatus plaasvind. Netto plaasinkomste en winsmarges sal onder druk bly soos wat insetkoste en skuldvlakke toeneem.



Die verwagting is egter vir die landboubedryf om beduidend te herstel na die algemene verkiesing in 2019.

Raad

Om die impak van kwalitatiewe verslapping en lae wêreld ekonomiese groei op Suid-Afrika se landboubedrywe te beperk, moet produsente let op die volgende:

Bly op hoogte van internasionale tendense in relevante uitvoermarkte. Met die Trump-administrasie se klem op die verswakking van die Amerikaanse dollar en pogings om Amerikaanse vervaardiging te vermeerder, word daar verwag dat die VSA meer uitvoer-gedrewe gaan raak. Dit is in teenstelling met China, waar die ekonomiese strategie meer invoer-gedrewe is.

Hierdie ontwikkelinge mag Suid-Afrikaanse bedrywe forseer om aan te pas en voorbrand te maak vir verbeterde marktoegang tot nuwe voorkeurbestemmings, soos Afrika en Asië, wat daartoe mag lei dat

Suid-Afrika moet kompeteer met meer gevestigde verskaffers vir beter marktoegang.

- Probeer om gebruik te maak van die nuutste beskikbare landboutegnologie om sodoende produksie te verbeter. Suid-Afrikaanse produsente geniet nie die voordeel van subsidies soos produsente in party ander lande nie en moet strategies beplan in 'n hoë risiko produksie omgewing.

Ten spyte hiervan, vaar Suid-Afrikaanse produsente uitstekend, in ag genome dat die land 'n gemiddeld van slegs 495mm reën per jaar ontvang in vergelyking met die wêreldgemiddeld van 1 035mm per jaar.

- Verminder onnodige blootstelling aan skuld en raak toenemend selfvoorsienend wanneer dit kom by die finansiering van werksaamhede.

Produsente moet ontslae raak van onproduktiewe bates en terselfdertyd poog om meer ekonomies effektief te wees. Hulle moet ook hulle finansiële kapasiteit vergroot en nuwe skuld gebruik om welvaart te skep.

Bylaag A: Ekonomiese oorsig tabelle

Tabel 1: Geskatte ekonomiese tendense vir die wêreld vanaf 2017 tot 2022

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
BBP konstante pryse (% pj)	3,23	3,39	3,53	3,74	3,69	3,59
BBP konstante pryse per capita (% pj)	2,27	2,77	3,08	3,21	3,36	3,38
Bevolking (in miljarde)	7,40	7,49	7,58	7,67	7,76	7,85

Tabel 2: Geskatte ekonomiese tendense vir Suid-Afrika vanaf 2017 tot 2022

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
BBP huidige pryse (% pj)	0,6	1,1	1,7	1,9	1,9	1,9
Inflasie: gem. verbruikerspryse (% pj)	5,2	5,0	5,6	5,6	5,6	5,6
Werkloosheidskoers as 'n persentasie van die arbeidsmag	27,4	27,67	27,79	27,83	27,85	27,86
Bevolking (in miljoene)	56,82	57,75	58,69	59,65	60,62	61,61
Totale investering (% van BBP)	19,25	19,27	19,44	19,59	19,74	19,90
Verandering in volume hoeveelheid (as % van ingevoerde goedere)	1,13	2,83	3,29	3,12	3,04	3,04
Verandering in volume hoeveelheid (as % van uitvoerde goedere)	1,34	2,43	3,39	3,39	3,39	3,39
Algemene staatsinkomste (% van BBP)	29,65	29,86	29,93	30,02	30,12	30,22
Algemene staatsuitgawe (% van BBP)	33,15	33,23	33,29	33,18	32,99	32,78
Algemene bruto staatskuld (% van BBP)	52,35	53,98	54,47	54,53	54,28	53,71
Lopenderekening balans (VSA\$/miljarde)	-10,82	-11,69	-12,85	-13,32	-13,88	-14,52
Lopenderekening (% van BBP)	-2,5	-3,0	-3,4	-3,6	-3,6	-3,6

Tabel 3: Veranderinge in wêreld BBP konstante pryse per capita vanaf 2017 tot 2022 (in persentasies)

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
Wêreld	2,3	2,8	3,1	3,2	3,4	3,4
China	6,0	5,5	5,4	5,3	5,2	5,1
Indië	5,8	6,3	6,4	6,5	6,7	6,7
Botswana	2,9	3,0	3,1	3,1	2,9	2,8
Namibië	2,6	4,0	3,4	3,0	2,8	2,8
Kenia	2,4	2,9	3,3	3,7	3,6	3,7
Mosambiek	1,7	2,7	3,2	3,7	3,7	11,9
Japan	1,6	1,0	1,3	0,6	1,2	1,0
VSA	1,5	1,7	1,3	1,0	0,9	0,9
Rusland	1,4	1,5	1,6	1,6	1,7	1,7
VK	1,3	0,8	0,9	1,3	1,3	1,3
Duitsland	1,3	1,2	1,2	1,2	1,2	1,2
Turkye	1,2	2,3	2,4	2,8	2,8	2,5
Argentinië	1,1	1,2	1,3	1,8	2,0	1,9
Chili	0,6	1,3	1,6	1,8	2,1	2,2
Zambië	0,4	0,9	0,9	1,4	1,4	1,5
Zimbabwe	-0,5	-4,0	-2,5	-1,6	-1,7	-1,7
Brasilië	-0,6	1,0	1,2	1,3	1,3	1,4
Suid-Afrika	-0,8	-0,1	0,6	0,6	0,6	0,6
Angola	-1,6	-1,4	-1,6	-1,4	-1,6	-1,5
Nigerië	-1,9	-0,8	-0,9	-0,9	-0,9	-0,9

*BBP word uitgedruk in konstante nasionale geldeenheid per persoon. Data is afgelei deur konstante prys BBP deur die totale bevolking te verdeel.

Tabel 4: Reële BBP-groei per capita in konstante pryse in landspesifieke geldeenhede

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
Chili	8 069 142	8 170 161	8 303 451	8 455 350	8 629 273	8 817 105
Japan	4 177 485	4 218 222	4 271 995	4 299 752	4 353 379	4 396 641
Wêreld	1 298 355	1 334 374	1 375 435	1 419 554	1 467 249	1 516 831
Rusland	432 104	438 692	445 769	453 101	460 703	468 591
Nigerië	367 160	364 097	360 978	357 650	354 364	351 121
Indië	98 028	104 191	110 850	118 077	125 971	134 474
Kenia	96 721	99 508	102 794	106 567	110 454	114 500
Angola	60 688	59 820	58 886	58 034	57 105	56 232
China	57 163	60 334	63 579	66 937	70 405	73 982
Suid-Afrika	54 500	54 467	54 771	55 079	55 387	55 710
VSA	52 331	53 240	53 955	54 521	55 009	55 520
Botswana	42 289	43 544	44 891	46 277	47 608	48 962
Duitsland	34 680	35 108	35 541	35 974	36 411	36 840
VK	28 829	29 049	29 321	29 689	30 071	30 458
Namibië	23 506	24 443	25 271	26 037	26 778	27 538
Turkye	19 930	20 388	20 887	21 480	22 089	22 637
Mosambiek	16 515	16 963	17 509	18 159	18 836	21 079
Argentinië	16 325	16 518	16 734	17 040	17 376	17 707
Zambië	7 731	7 800	7 873	7 987	8 102	8 222
Brasilië	5 532	5 588	5 657	5 732	5 809	5 889
Zimbabwe	850	816	796	783	770	757

*BBP word uitgedruk in konstante nasionale geldeenheid per persoon. Data is afgelei deur konstante prys BBP deur die totale bevolking te verdeel.

Tabel 5: VN Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI), Maart 2017 verslag

Land	Rang	MOI	Aangepas vir ongelijkheid MOI	Gender ongelijkheidsindeks
Noorweë	1	0,95	0,90	0,05
Australië	2	0,94	0,86	0,12
VSA	10	0,92	0,80	0,20
Chili	38	0,85	0,69	0,32
Argentinië	45	0,83	0,70	0,36
Rusland	49	0,80	0,72	0,27
Turkye	71	0,77	0,65	0,33
Brasilië	79	0,75	0,56	0,41
China	90	0,74		0,16
Botswana	108	0,70	0,43	0,44
Suid-Afrika	119	0,67	0,44	0,39
Indië	131	0,62	0,45	0,53
Zambië	139	0,58	0,37	0,53
Mozambique	181	0,42	0,28	0,57

Bron: IMF

Weer

Johan van den Berg, weer spesialis van Santam Landbou

Die 2016/2017 somerseisoen het met gunstige produksietoestande begin, met reën wat betyds voorgekom het, behalwe vir 'n tydperk van droogte in Maart. Dit is in teenstelling met die droogte en gevolglike swak somergewas opbrengste wat die voorafgaande seisoen gerealiseer was. Die El Niño-verwante weerstoestande van 2016 het in 2017 verander na 'n swak La Niña, wat meer gereelde reën en uitsonderlike produksietoestande regoor die land tot gevolg het.

Oorsig

Voedingstowwe wat oorgebly het van vorige seisoene, saam met gunstige reënval, het in 2017 gelei tot rekord hoë mielie- en sojaboon-oeste op droëland. Verder, het ekstensiewe weidingstoestand sowel as damvlakke beduidend verbeter.

Die Wes-Kaap gaan nietemin gebuk onder ongunstige toestande, met baie streke in die provinsie wat ondernormale reën tydens die

tradisionele winterreënval seisoen ontvang het. Die impak van die droogte word verder vererger deur die kumulatiewe effek van die droër toestande vanaf 2015. Volgens beskikbare data gaan die situasie, ongelukkig, nie binne die volgende klompie maande verander nie.

Langtermyn tendense

Suid-Afrika se historiese reënval data dui daarop dat die land gereeld 'n semi-sikliese effek ervaar met wisselende droë en nat periodes wat vir langer as een seisoen duur. Die lengte van droë en nat tydperke verskil van streek tot streek, met droogtes wat in streke soos die Wes-Kaap en Noord-Kaap vir tot agt jaar kan voortduur. Hierdie siklusse word 'versteur' deur seisoenale faktore soos die El Niño en La Niña-verskynsel, onreëlmatighede of afwykings in die seeoppervlaktemperatuur van die Indiese Oseaan asook ander bekende en onbekende faktore.

Die meer stabiele siklus is waarskynlik die sonvlek-siklus, wat

vyf jaar van toenemende aktiwiteit en vyf jaar van afnemende aktiwiteit insluit. Variasie in sonvlek-aktiwiteit veroorsaak dat verskillende vlakke van son energie die aarde bereik.

Historiese reënval ontledings dui daarop dat die ergste droogtes in die somerreënval gebiede met periodes van afnemende sonvlek-aktiwiteit geassosieer was, terwyl verbeterde reënvaltoestande met toenemende sonvlek-aktiwiteit geassosieer kon word.

Die erge droogtes van 1933, 1942, 1966, 1983, 1995, 2007 en 2016 was almal opgeteken tydens afnemende sonvlek-aktiwiteit, terwyl die bo-gemiddelde reënval van die laat 1950s, die mid-1970s, 1988, 1990 en 2010 tot 2012 aangeteken is tydens toenemende sonvlek-aktiwiteit.

Voorspellings dui daarop dat die nuwe sonvlek-siklus (Siklus 25) in 2019 sal begin, terwyl Siklus 24 nou besig is om verby sy onderste vlakke te beweeg. Dit is goeie nuus vir die langtermyn reënval tydens in die somerreënvalgebied.

Die 2017/2018 somerseisoen

Mediumtermyn of seisoenale invloede, soos die El Niño en La Niña-verskynsel, kan nou 'n belangriker rol speel in die bepaling van reënvaltoestande vir die komende seisoen, met die negatiewe impak van sonvlek-aktiwiteit wat 'n minder opmerkbare rol speel. September en Oktober is die maande met relatiewe hoë voorspelbaarheid vir die El Niño Suidelike Ossaillasië-indeks (ENSO). Die huidige ENSO status is neutraal, met seevlaktemperatuur wat binne die normale $\pm 0,5^{\circ}\text{C}$ skaal val, maar daar is sterk aanduidings vir die ontwikkeling van 'n La Niña-verskynsel vanaf November 2017.

Die skuif van neutrale status tot La Niña is noemenswaardig vir hierdie tyd van die jaar. Mits die Indiese Oseaan nie in 'n positiewe fase van die Indiese Oseaan-dipool-indeks (IOD) beweeg nie, kan die ontwikkeling van La Niña-toestande help om reënval in die somerreënval gebiede te verbeter. Die IOD is minder voorspelbaar as

die ENSO-verskynsel. Voorspellings is tans ten gunste van neutrale IOD toestande, maar meer aan die positiewe kant van neutraal. (Positiewe IOD toestande word gewoonlik geassosieer met 'n hoër frekwensie van tropiese siklone en neerslag nader aan die kusgebied van Afrika).

Verwagte produksietoestande

Baie min of geen reën het voorgekom in die somerreënvalstreek vanaf April tot September 2017. Dit is nie ongewoon nie en mag dalk 'n positiewe teken vir goeie reënval later die somer wees. Die maandelike ontwikkeling van La Niña nader aan mid-somer, mag die waarskynlikheid van reën verbeter in die sentrale en westelike dele van die land vanaf November 2017, sowel as die maandelike dat weerstelsels kan ontwikkel na die ver westelike dele van die land voordat dit suid-oos draai. Dit het die potensiaal om somerreënval te bring in die baie droë suid-westelike dele van die Noord-Kaap

en selfs die Wes-Kaap en na die ooste. Maar met die band van reën wat gewoonlik tydens La Niña na die weste neig, vergroot die ontwikkeling van hierdie klimaatsverskynsel die risiko van droogte in die verre oostelike dele van die land.

Opsomming

- Langtermyn tendense dui daarop dat die somerreënvalgebied waarskynlik 'n natter fase betree, met die sonvlek-siklus wat nou baie naby aan sy onderste draaipunt is en die begin van 'n toenemende fase in aktiwiteit vanaf 2019 sal betree.
- In teenstelling met vroeër voorspellings, is daar nou 'n hoë waarskynlikheid vir die ontwikkeling van die La Niña-verskynsel wat onder meer kan lei tot bo-gemiddelde reënval in die sentrale en westelike dele, insluitend die westelike dele van die Noord-Kaap en Wes-Kaap. Laer reënval kan egter oor die oostelike produksiegebiede voorkom.

Kenia


Thapelo Moleleki, bestuurder van landbou finansiële oplossings by Barclays Afrika Groep
Beatrice Githinji, landbouspesialis by Barclays Bank Kenya

Oorsig

Die landboubedryf maak 'n beduidende bydrae tot Kenia se BBP en verskaf ook werk aan 'n wesenlike getal mense. Die land se klimaat maak die produksie van 'n wye verskeidenheid van produkte moontlik, insluitend koffie, tee, grane en suiker.

Die regering se finansiële ondersteuning aan boere en produsente en die styging in bevolking en per capita-inkomste, bied 'n groot geleentheid vir ekonomiese groei in die nabye toekoms.

Daar word egter verwag dat droogtetoestande en die waarskynlikheid van 'n El Niño weerskynsel in 2018 'n ernstige impak kan hê op oeste oor die korttermyn. Daarmee word handel, wat grootliks afhanklik is van landbouprodukt-uitvoere, soos tee en blomme, bedreig deur die onderdrukte vraag in die Europese mark. Kenia se reële BBP groei vir 2017 was af na 5,2% vanaf 5,9% die vorige seisoen. Die verwagting is egter vir BBP om te groei teen 'n



gemiddeld van 5,5% tot 2020.

Koffie

Koffieproduksie sal na verwagting in 2017 toeneem tot 61,75 miljoen 1kg-sakke en met 16% groei tot 71,6 miljoen 1kg-sakke teen 2021. Terwyl koffieproduksie oor die korttermyn deur die droogte beïnvloed sal wees is die verwagting dat produksie oor die langtermyn sal toeneem as gevolg van finansiële ondersteuning van die regering wat produsente in staat sal stel om meer droogte- en

siektebestande variëteite te plant.

Plaaslike koffieverbruik sal styg vanaf die huidige 6,3 miljoen 1kg-sakke in 2017 na 7,61 miljoen 1kg-sakke teen 2021.

Na Ethiopië is Kenia een van Afrika se grootste koffie-uitvoerders en die verwagting is vir hierdie tendens om oor die langtermyn voort te duur.

Mielies en koring

Mielieproduksie sal na verwagting toeneem met 34% vanaf 2,9 miljoen ton in 2017 tot 3,9

miljoen ton teen 2020/2021. Dit is as gevolg van verbeterde landboupraktyke en verhoogde plaaslike verbruik vanaf die veebedryf.

Koringproduksie het verminder van 420 000 ton in 2016 tot 380 000 ton in 2017 as gevolg van die droogte, maar die verwagting is vir produksie om met 12% te groei teen 2021. Die verwagte groei word toegeskryf aan oesverbeteringe gebruik van verbeterde landboupraktyke.

Plaaslike mielie- en koringverbruik sal na verwagting toeneem soos plaaslike produksie en die vraag vanaf die veebedryf verbeter. Kenia sal egter aanhou om 'n produksietekort te ervaar oor die kort- en langtermyn.

Suiker

Plaaslike suikerproduksie is tans 523 000 ton en sal marginaal toeneem tot 535 000 ton oor die volgende drie jaar. Dit is hoofsaaklik omdat Kenia se suikerbedryf as nie-kompeteerd geag word en omdat

beleggers nie in die bedryf belê nie. Baie suikerprodusente oorweeg dit dus tans om ander produkte te plant of te produseer.

Die Europese uitvoerkwota wat na verwagting in September 2017 beëindig sal word, sal ook 'n negatiewe impak hê op dié langtermintendens. 'n Geringe toename in die plaaslike verbruik van suiker word verwag weens die groei in inkomstevlakke en lae internasionale pryse. Kenia sal 'n netto invoerder van suiker bly in die nabye toekoms.

Tee en ander gewasse

Plaaslike aangeleenthede, soos die arbeidsdispute in Julie 2016 toe 'n hof beveel het dat teeplukkers se lone met 30% verhoog word, het die totale koste van teeproduksie met 9% laat toeneem.

Die volumes snyblomme, vrugte en groente wat uitgevoer word, het in 2016 gestyg met onderskeidelik 8,9%, 5,4% en 13,1%. Die verwagting is vir

uitvoere om af te plat tot 2021.

Opsomming

- Kenia se landboubedryf is swaar getref deur die droogte en die moontlikheid van 'n El Niño-verskynsel in 2018 bedreig die bedryf en die ekonomie oor die korttermyn.
- Ten spyte van uitdagings en onbevoegdheids, maak finansiële ondersteuning van die staat dit vir boere moontlik om nuwe tegnologie te gebruik, wat belowend lyk vir landbou oor die langtermyn.
- 'n Groeiende bevolking en per capita inkomstevlakke dui alles op 'n stabiele landboubedryf, wat waarskynlik so sal bly in die nabye toekoms.

Zambië

Thapelo Moleleki, bestuurder van landbou finansiële oplossings by Barclays Afrika Groep
Remmy Kantumoya, landbouspesialis by Barclays Bank Zambië Pic

Oorsig

Zambië se BBP word hoofsaaklik deur die myn- en landboubedrywe gedryf. Terwyl strukturele uitdagings wel bestaan, dui ekonomiese aanwysers daarop dat die land se ekonomie sedert 2017 besig is om te herstel.

Terwyl sekere van Zambië se landboubedrywe gesukkel het as gevolg van 'n tekort aan elektrisiteit, het elektrisiteitsopwekking, aangedrewe deur hoofsaaklik hidroëlektriese aanlegte, beduidend verbeter sedert 2017 weens genoegsame reën vroeër die jaar wat ook tot verbeterde produksie gelei het.

Oor die volgende vyf jaar sal Zambië se ekonomiese groei afhang van verhoogde uitvoere, met behulp van verbeterde myn- en landbou-uitsette. In 2017 het koperproduksie verdubbel tesame met pryse vir koper, wat ook die plaaslike ekonomie ondersteun het.

Zambië het ook goeie mielie- en sojaboon-opbrengste aangeteken. Inflasie was gedurende 2017

rondom 6,7% en daar word verwag dat dit grootliks onveranderd sal bly vir die res van die jaar. Zambië se sentralebank het sy monetêre beleid afwaarts aangepas van 12,4% to 9,5%, wat na verwagting verdere ekonomiese voordele sal ontsluit wanneer kommersiële banke rentekoerse op lenings verminder.

Alhoewel swak, was die Zambiese geldeenheid relatief stabiel vir die grootste deel van 2017, wat dit moontlik gemaak het vir belanghebbendes in die landboubedryf om hul werksaamhede beter te beplan.

Zambië se BBP sal na verwagting groei teen 'n gemiddeld van 5,1% oor die volgende vyf jaar. Groei vir 2017 staan tans op 4,1%, 'n verbering op die 3% groei wat in 2016 behaal is.

Herfskommandowurm kan egter 'n ernstige bedreiging vir gewasse en die landbou-ekonomie inhou.

Koring

Mielies en koring word grootliks geproduseer deur kommersiële

plase in dele van Mkushi, Mpongwe, Nansanga, Mazabuka en ander dele soos Choma en Kalomo. Koringproduksie is sedert 2015 negatief geaffekteer deur 'n tekort aan elektrisiteit en water, maar daar was groot verbeteringe tydens die 2016/2017 seisoen.

In 2016 het boere 214 000 ton koring geproduseer, in vergelyking met die 202 000 ton en 270 000 ton wat onderskeidelik in 2014 en 2015 geproduseer was. Plaaslike produksie sal na verwagting konstant bly oor die korttermyn en deur die plaaslike vraag van 360 000 ton oorskry word.

Zambië se koringvoorraad word gewoonlik gemaak om meel en veevoer te produseer, wat die plaaslike tekort in vraag en aanbod verder vererger.


Mielies

Mielieproduksie en pryse sal na verwagting styg oor die volgende vyf jaar, weens hoër vraag vanaf buurlande. Zambië het oor die jare toenemende selfonderhoudend geraak in mielieproduksie. Die

Tabel 1: Zambiese mielie- en koringproduksie vanaf 2013 tot 2021

	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021
Koringproduksie (t)	254 000	274 000	202 000	214 000	215 000	215 000	215 000	215 000	210 000
Koringverbruik (t)	270 000	300 000	322 000	332 000	349 000	366 000	384 000	403 000	421 000
Mielieproduksie (miljoen ton)	2,57	3,38	2,62	2,9	3,48	3,58	3,69	3,8	3,92
Mielieverbruik (miljoen ton)	2,3	2,5	2,5	2,25	2,56	2,64	2,75	2,88	3,06

Grafiek 1: Zambiese suikerproduksie (t) & prystendense (regs)



produksie van mielies sal na verwagting toeneem met 12,5% van 3,4 miljoen ton in 2017 na 3,9 miljoen ton teen 2021.

Sojabone

Hoër sojaboonpryse gedurende die 2014/2015 en 2015/2016 seisoene het daartoe gelei dat menigte kleinskaalse mielieboere eerder sojabone as mielies geplant het. Dit, tesame met die oordagvoorraad van 2016, het in 2017 gelei tot laer pryse in die plaaslike mark. Produksie het

verder gestyg in 2017, met boere wat 351 416 ton geproduseer het, in vergelyking met 267 490 ton in 2016. Hierdie neiging sal na verwagting oor die volgende vyf jaar voortduur.

Suiker

Groei in die suikerbedryf sal oor die korttermyn beperk word deur die verswakte geldeenheid en elektrisiteitstekorte. Zambië se regering het 'n nuwe beleid ingestel, waarvolgens alle suiker wat plaaslik verkoop word, met

vitamiene A gefortifiseer moet word. Dit sal na verwagting lei tot minder nuwe toetreders in die suikerbedryf, weens die onvermydelike toename in produksiekoste. Plaaslike verbruik sal ook onder druk verkeer as gevolg van hoër pryse. Ten spyte hiervan, bly Zambië 'n kompeterende uitvoermark vir suiker.

Suikerproduksie sal na verwagting geleidelik groei tot so 490 000 ton teen 2021, vanaf die 435 000 ton wat in 2017 geproduseer is.

Opsomming

- Zambië se landbou en voedsel vooruitsigte sal oor die volgende vyf jaar positief bly, soos wat die ekonomie herstel in 2017 en 2018.
- 'n Toename in plaaslike gebruik van landboukommoditeite, soos mielies en koring, word verwag oor die korttermyn. Dit word grootliks gedryf deur die herstel in die landbousektor.



Groente

Conce Moraba & JG Horn, landbou-ekonomie by Absa AgriBesigheid

Aartappels

Die totale waarde van aartappels wat in die 2016/2017 bemarkingsjaar op die varsproduktemark verhandel het was R2,9 miljard. Aartappels is die mees verhandelde kommoditeit op die Suid-Afrikaanse varsproduktemark. Die grootste vyf markte in die land het 654 535 ton aartappels verkoop vanaf Januarie tot Oktober 2017, 'n afname van 1,9% in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 2016.

Gunstige klimaatsomstandighede gedurende die 2016/2017 seisoen, het gelei tot hoër produksie en groter volumes aartappels in die markte, wat druk op pryse uitgeoefen het. Gedurende die eerste kwartaal van 2016, het aartappels teen 'n rekord pryse van R5,67/kg verkoop, maar die prys per kilogram het geval na R3,08 in die derde kwartaal soos wat voorraadvlakke gestyg het. Sedert Maart 2017 is meer as 10 miljoen sakke (van 10 kg elk) op 'n maandelikse basis verkoop. Die eerste keer toe meer as

10 miljoen sakke van 10 kg elk op die mark verkoop het, was in Junie 2015. As gevolg van die verhoogde voorraadvlakke, was markpryse vir Januarie tot Augustus 2017 35% laer as dieselfde periode verlede jaar.

Die varsproduktemark se verkope het ook met meer as 14 miljoen sakke van 10 kg elk tussen Januarie en Augustus toegeneem, in vergelyking met die ooreenkomstige tydperk die vorige jaar.

Handel

Die verwagting is vir invoere van aartappelskifies om te styg, as gevolg van lae pryse in Europa, tesame met goeie produksie. In 2017, het 63% van Suid-Afrika se aartappel uitvoere na Spanje gegaan, 19,4% na Namibië, 4,8% na Italië, 4,1% na China en 3,2% na Egipte.

Plaaslike vooruitsig

Weersomstandighede sal vir die res van die jaar die grootste uitdaging vir die nuwe produksieseisoen bly,

aangesien die meeste aartappels onder besproeiing verbou word.

Die Sandveld in die Wes-Kaap mag egter onderworpe word aan waterbeperkings, vanweë die droogte en damvlakke wat baie laer as normaal is. Produksie in Limpopo was egter goed weens gunstige klimaatstoestande en warm wintertemperature in 2017. Hoër produksie word vir hierdie provinsie en ook in KwaZulu-Natal verwag, wat kan lei tot hoër voorraadvlakke, wat pryse onder druk sal plaas en waarskynlik sal verhoed dat pryse styg tot die rekordvlakke van 2016.

Lae ekonomiese groei in Suid-Afrika mag 'n demper op die vraag sit. Produksie moet produksiekoste monitor in die komende seisoen, aangesien dit waarskynlik mag styg en 'n negatiewe impak op winsmarges kan hê. Die verwagting is vir aartappelpryse om tydens die 2017/2018 seisoen by dieselfde prysvlakke te bly as gedurende die 2016/2017 seisoen en 'n soortgelyke neiging in prys te

toon; met pryse wat na die einde van 2017 effens optel, daal vroeg in 2018 en dan weer sywaarts beweeg vanaf April. Pryse sal waarskynlik styg na die einde van 2018. Groot verskuiwings kan egter voorkom as gevolg van ongunstige weerstoestande.

Tamaties

Tamaties ter waarde van R1,34 miljard het in die 2016/2017 seisoen op die varsproduktemark verhandel. Die grootste vyf markte in Suid-Afrika het 179 062 ton tamaties vanaf Januarie tot Oktober 2017 verkoop, dit was 16% minder as die 213 971 ton wat verkoop was tydens die ooreenstemmende tydperk in 2016.

Handel

Van Suid-Afrika se invoere, was 94,5% afkomstig van Namibië en 4,4% vanaf Swaziland. Suid-Afrika se tamatie-uitvoere het egter jaar-op-jaar gestyg met 48% vanaf 2015 na 2016. Die meerderheid van hierdie uitvoere, 35%, het

na Botswana gegaan, gevolg deur Lesotho (20%), Mosambiek (17,8%), Namibië (14%) en Swaziland (4,3%).

Plaaslike vooruitsig

Gunstige weer en warmer temperature het tydens die 2016/2017 seisoen tot hoër voorraadvlakke in die varsproduktemark gelei, wat druk op pryse geplaas het. Verhoogde groei in die produksie van tamaties wat bestem word vir die verwerkingsmark, in die noordelike produksie area, het verdere druk op voorraadvlakke geplaas.

Pryse sal na verwagting aanhou sywaarts beweeg in 2018, met stadige ekonomiese groei wat vraag na die kommoditeit onderdruk. 'n Sterker rand sal, egter, produksiekoste verminder en so ook tamatie pryse. Pryse mag marginaal styg oor die volgende twee maande, as produksie ophou tydens die somermaande en weer sak nader aan die winter in 2018. Produksie in die Wes-Kaap het 40% minder aangeplant vir die

2017/2018 seisoen, wat pryse van November tot Mei 2018 sal ondersteun. Daar word verwag dat die aanbod relatief laag sal bly en pryse sal gemiddeld R7/kg wees.

Uie

Die totale waarde van uie wat gedurende die 2016/2017 seisoen op die varsproduktemark verhandel het, was R922 miljoen. Uie is die groente wat die derde meeste op die varsproduktemark verhandel word, na aartappels en tamaties. Die grootste vyf markte in Suid-Afrika het 254 210 ton uie vanaf Januarie tot Oktober 2017 verkoop, 'n toename van 3,5% in vergelyking met die 245 528 ton wat verkoop is gedurende die ooreenstemmende tydperk in 2016.

Oor die afgelope twee jaar het volgehoue ongunstige weerstoestande in Suid-Afrika se tweede grootste ui-produiserende streek, die Wes-Kaap, en oesskade in sy derde grootste produksiegebied,

die Noord-Kaap, tot gevolg gehad dat uiepryse in 2017 gestyg het. Swak weerstoestande in Suid-Afrika se grootste uieproduiserende streke, naamlik Limpopo en Noordwes, het ook pryse ondersteun.

Deurlopende swak weerstoestande in streke soos die Wes-Kaap het gelei tot waterbeperkings, en baie produsente plant as gevolg hiervan minder hektare aan. Dus sal minder aanplantings op die langtermyn tot 'n beperkte voorsiening lei, wat pryse sal ondersteun, veral as die plaaslike vraag aanhou toeneem. Daarbenewens het oormatige reën in die Noord-Kaap vroeër vanjaar skade aan aanplantings veroorsaak. Uie wat vroeg in die seisoen geplant is, is egter van goeie gehalte en die oesskatting vir die 2017/2018 seisoen is dus hoër as die vorige twee jaar. Dit kan dus stilstaande pryse tot gevolg bring tussen nou en Desember.

Produsente in die Wes-Kaap sal na verwagting slegs tussen 1 000ha en 1 400ha uie plant in

die 2017/2018 seisoen as gevolg van die droogte. Dit is slegs 30% tot 40% van die gemiddelde aanplantings van 3 000ha vir die streek. Produsente in die Oos-Kaap, nog een van Suid-Afrika se grootste uieproduiserende streke, het net 2 000ha uie geplant vir die komende seisoen, wat 500ha minder is as die gewone 2 500ha, terwyl sommige produsente glad nie geplant het nie.

Die afname in aanplantings sal lei tot 'n toename in uiepryse vanaf Januarie tot Julie 2018. Pryse sal waarskynlik begin styg vanaf Desember 2017 en 'n piek bereik in Mei en Julie 2018.

Handel

Laer ekonomiese groei in die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) het 'n marginale afname in vraag veroorsaak en gelei tot 'n afname in uitvoervolumes. Die vraag na stapelvoedsel sal egter verhoed dat die vraag beduidend daal.

Mosambiek is Suid-Afrika se

grootste uitvoerbestemming vir uie en verteenwoordig 41% van al die uie wat vanaf Suid-Afrika uitgevoer word. Daarna volg Angola (21%), Zambië (12%), Botswana (10%) en Namibië (7%).

Plaaslike vooruitsig

Tydens Januarie en Februarie 2017, het Suid-Afrika se grootste uie-produiserende streke, Limpopo en Noordwes, uiterste droë toestande ervaar wat gelei het tot minder aanplantings. Die streke het in Maart en April reën gekry, wat laat aanplantings tot gevolg gehad het en gelei het tot 'n tekort aan uie vanaf Mei tot Julie wat pryse ondersteun het. Pryse het egter sedert Augustus 2017, na die goeie oes, noemenswaardig gedaal. Tans is die markprys vir uie gemiddeld R50/10kg-sak. Daar word verwag dat die prys vanaf November 2017 tot Maart 2018 by R50/10kg sak sal bly. Daarna sal die prys versterk na 'n gemiddeld van R60/10kg-sak van April tot Oktober 2018. Prysweerstand van verbruikers word egter verwag

sou pryse tot meer as R85/10kg-sak styg, nietemin kan pryse tot R120/10kg-sak styg as ongunstige weerstoestande langer voortduur.

Wortels

Wortels ter waarde van R364 miljoen is tydens die 2016/2017 seisoen op Suid-Afrikaanse varsproduktemarkte verkoop. Die vyf grootste varsproduktemarkte het vanaf Januarie tot Oktober 2017, 86 026 ton wortels verkoop, met 'n afname van 12% in vergelyking met die 97 626 ton wat in 2016 vir die ooreenstemmende tydperk verkoop is. Die hoogste prys van R7,74/kg vir wortels is in 2014 behaal. Gedurende die vierde kwartaal van 2017 het die prys op R6,37/kg gestaan. Produksie het jaar op jaar sedert 2014 toegeneem en sal na verwagting verder toeneem in 2018, as gevolg van gunstige weervoorsigte. Die uitbreiding in produksie het egter vinniger toegeneem as verbruikersvraag. Dit sal

waarskynlik tot laer pryse lei. Daarbenewens sal goeie weersomstandighede in die Hoëveld, wat meer as 50% van die plaaslike oes lewer, lei tot groter aanbod, wat verdere druk op pryse sal plaas.

Handel

Uitvoere na ander Afrika-lande het gedaal weens lae ekonomiese groei en 'n toename in plaaslike produksie. Die huidige beskermingsbeleid van Suid-Afrika se buurlande sal 'n oormaat aanbod op die plaaslike mark tot gevolg hê, en dus 'n verdere daling in pryse. Suid-Afrika se grootste uitvoermarkte vir wortels is Botswana, Angola, Mosambiek en Namibië.

Plaaslike vooruitsig

Handel in Afrika sal voortgaan om die plaaslike bedryf se groei te stimuleer, terwyl Afrika se groeiende bevolking en die toenemende verbruikersvraag produksie op die langtermyn sal ondersteun.

Sitrus

Wessel Lemmer, senior landbou-ekonomies by Absa AgriBesigheid
 Jer Nortje, landbou-ekonomies by Absa AgriBesigheid

Die relatiewe sterker rand in 2017, in vergelyking met 2016, het 'n afname in die inkomste uit sitrusuitvoere veroorsaak. Terwyl onderdrukte ekonomiese groei en beleidsonsekerheid 'n swakker rand in 2018 tot gevolg kan hê, mag dit ook lei tot beter inkomste uit sitrusuitvoere met die groeiende internasionale vraag wat pryse ondersteun.


Die onlangse toename in enthout verkope is egter kommerwekkend, aangesien verhoogde produksie en gebrekkige uitbreidings in

uitvoermarkte kan lei tot 'n situasie waar die aanbod die vraag oorskry en dus, 'n daling in pryse.

Aan die hand van data, gebaseer op enthout-verkope vir sagtesitrus en suurlemoene in Suid-Afrika, blyk dit dat die volume vrugte wat vir uitvoere bestem word, sal groei met 3,3% in 2018 en 'n hoë 9,7% sal bereik in 2023.

Suurlemoene

Oor die afgelope vyf jaar het suurlemoenuitvoere met gemiddeld



10,4% per jaar gegroei. Teen 40,5% van totale verkope, was enthout-verkope vir suurlemoene die tweede hoogste van al die sitrusvariëteite, met 2,3 miljoen verkope in 2016. Die aantal enthout wat jaarliks vir suurlemoene verkoop word, het oor die afgelope vyf jaar skerp toegeneem vanaf die 767 233 aangetekende verkope in 2010. Totale enthout-verkope vir sitrus was 5,67 miljoen in 2016.

Gebaseer hierop, behoort suurlemoenuitvoere met 51,8% te styg vanaf die 17,7 miljoen

kartonne wat in 2017 uitgevoer is, na 26,88 miljoen kartonne in 2022, teen 'n gemiddelde groei koers van 10,3% per jaar. Suid-Afrika mag dus oor die volgende vyf jaar 'n surplus suurlemoene produseer.

Indien uitvoermarkte nie uitgebrei word nie, kan die surplus die aanvraag oortref, wat stremming op die winsgewendheid van plaaslike produsente sal plaas.


Verder het die VSA onlangs beperkings op sitrusinvoere vanaf Argentinië verlig en suurlemoene produksie sal dus na verwagting

in Argentinië toeneem, wat wêreldvoorraadvlakke verder sal laat styg en pryse onder druk sal plaas.

Sagtesitrus

Oor die afgelope vyf jaar het uitvoere van sagtesitrus met gemiddeld 14,1% per jaar gegroei. Met 2,42 miljoen verkope, was enthout-verkope vir sagtesitrus die hoogste van al die sitrusvariëteite in 2016. Jaarlikse verkope het met 150% gestyg van die 960 873 verkope wat in 2010 aangeteken is. In 2016, het enthout-verkope van sagtesitrus 42,7% verteenwoordig van die 5,67 miljoen enthout wat in die hele sitrusbedryf verkoop is.

Dit blyk hieruit dat uitvoere met sowat 70,7% sal groei, van 16,08 miljoen kartonne in 2017 na 27,45 miljoen kartonne in 2022, teen 'n gemiddelde groei tempo van 14,4% per jaar. Anders as met die uitvoermark vir suurlemoene, is dit onwaarskynlik dat toekomstige sagtesitrus voorraadvlakke die vraag in die wêreldmark



sal oorskry. Suid-Afrika moet, nietemin, 'n prioriteit daarvan maak om toegang tot voorkeurmarkte te verbeter na ten minste dieselfde vlakke as ander kompeterende lande uit die Suidelike Halfrond.

Pomelo's

Oor die afgelope vyf jaar het pomelo-uitvoere met gemiddeld 1,5% per jaar gegroei. Jaarlikse enthout-verkope het noemenswaardig gevarieer van 30 320 enthout-verkope in

2012 tot 162 730 in 2013. Met 90 595 verkope in 2016, was enthout-verkope vir pomelo's die laagste van al die sitrusvariëteite en het dit slegs 1,6% van die 5,67 miljoen enthout wat in die totale sitrusbedryf verkoop is verteenwoordig. Pomelo-uitvoere sal na verwagting met 7,4% groei oor die volgende vyf jaar van 13,32 miljoen kartonne in 2017, na 14,31 miljoen kartonne in 2022, teen 'n gemiddelde tempo van 1,5% per jaar. Teen die huidige tempo van ontwikkeling is dit


onwaarskynlik dat plaaslike aanbod die vraag sal oorskry.

Lemoene

Die produksie van lemoene in Suid-Afrika sluit Valencia produksie op 27 535 ha en nawel-lemoene produksie op 16 233ha in. Oor die afgelope vyf jaar het lemoenuitvoere met tussen 2,9% en 3,7% per jaar gegroei. Verkope van enthout vir nawel-lemoene het egter afgeneem van 616 012 verkope in 2012 tot 414 853 verkope in 2016.

Vir Valencias het dit verminder van 751 220 in 2012 tot 449 852 in 2016. Verkope van enthout vir lemoene het 15,2% verteenwoordig van die 5,67 miljoen enthout wat in die hele sitrusbedryf verkoop is. Hieruit word afgelei dat lemoenuitvoere met 25% sal groei van 59,7 miljoen katonne in 2017 na 74,91 miljoen katonne in 2022, teen 'n tempo van 5% per jaar.

Suid-Afrika sal marktoegang na voerkeurmarkte moet prioritiseer om kompetender te bly teen ander




lande in die Suidelike Halfrond wat lemoene uitvoer. Die wêreldmark vir lemoene bly belowend.

Vooruitsig

Die toekomstige winsgewendheid van sitrusuitvoere verskil vir verskillende tipes sitrus. Die groeiende wêreld middelklas soek steeds 'n gesonder leefstyl wat die wêreldvraag na sitrusvrugte sal verbeter. Diegene wat daaraan dink om uit te brei na sitrusproduksie, moet die volgende



in ag neem:

- Toekomstige winsgewendheid kan verbeter deur produksie risiko's te beperk met behulp van genoegsame hulpbronne, soos goeie gehalte water.
- Diversifikasie moet slegs gedoen word in streke waar die weer gunstig is vir sitrusproduksie en hoë opbrengste.
- Plant nuwe variëteite wat in die toekoms in aanvraag sal wees.
- Om winsgewendheid te optimaliseer, moet toekomstige produksie en bemaking met



vroeër en later bemakingsvensters oorvleuel.

- Die ontwikkeling van uitvoermarkte moet geprioritiseer word, met bilaterale onderhandelinge om beter toegang tot voerkeurmarkte te kry.
- Verbeter toegang tot gevorderde tegnologiese sortering en verpakkingsfasiliteite om die gehalte van sitrusvrugte te verbeter.
- Behou toegang tot toekomstige wêreldmarkte en ontwikkel nuwe markte deur te voldoen aan die nuutste produksievereistes.
- Om produksie en toekomstige prysrisiko's te diversifiseer, moet alternatiewe gewasse teenoor sekere sitrusvariëteite oorweeg word.





Makadamianeute

Karabo Takadi, landbou-ekonomies by Absa AgriBesigheid
Wessel Lemmer, senior landbou-ekonomies by Absa AgriBesigheid

Internasionale tendense

Internasionale produksie van makadama-neute sal na verwagting toeneem van die 178 596 ton wat in 2016 geproduseer is, tot 193 462 ton in 2017. Australië en Suid-Afrika is die wêreld se grootste produsente en verwerkers van makadama-neute. Suid-Afrika was op 'n stadium die wêreld se grootste produsent van dië neute, maar 'n daling in produksie as gevolg van die droogte en ongunstige produksietoestande, het veroorsaak dat Australië die titel kon oorneem.

Australië

In 2016 het Australië 'n buitengewone goeie oes geproduseer as gevolg van gunstige weerstoestande, reg deur die seisoen. Ongunstige weersomstandighede in 2017 het egter veroorsaak dat Australië se oesskatting vir die jaar van 50 500 ton na 48 570 ton verminder is. Die internasionale

vraag na makadama-neute bly sterk, met vryhandelsooreenkomste tussen Australië en Suid-Korea, Japan en China, wat 'n positiewe effek op Australiese uitvoere het.

Internasionale vraag en produksie

Sedert 2015, het die internasionale vraag na makadama-neute noemenswaardig gegroei, as gevolg van verbruikers wat meer gesondheidsbewus geraak het en gesonder versnaperings soek. Die verwagting is vir die vraag om aan te hou groei oor die volgende vyf jaar. Wêreldwyd word 70% van makadama-neute gebruik as snoephappie en 30% as bestanddeel in 'n finale produk. 'n Groter persentasie van makadama-neute behoort in die toekoms as bestanddeel in die vervaardiging van voedsel en ander produkte gebruik te word.

Uitbreiding

Wêreldwyd, verteenwoordig Makadama-neute 2% van die boomneute waardeketting en


dit blyk dat daar nog baie ruimte is vir uitbreiding in die bedryf. Makadama-produksie word gereken as 'n winsgewende onderneming, omdat dit sulke hoë pryse realiseer as gevolg van die sterk globale aanvraag. As produksie egter styg en aanbod die vraag oorskry kan die oorskot na die verwerkingsmark gaan waar daar 'n hoë vraag vir makadama-neute teen laer pryse sal wees.

Om winsgewendheid te optimaliseer moet produsente seker maak hulle het toegang tot genoeg water en net uitbreidings doen in streke waar weerstoestande gunstig is vir produksie. Die produsente sal so verseker dat hulle kompetender bly in die globale mark, terwyl hulle aanhou om goeie winsmarges te realiseer.


Binnelandse tendense

Die verwagting is vir Suid-Afrika om in 2017 'n totale oes van 42 000 ton te lewer. Dit is 11% hoër as die vorige jaar, danksy goeie

Grafiek 1: Wêreld makadamiaproduksie vooruitskouing (t)



Grafiek 2: SA Makadamiaproduksie (t) en pryse (R/kg) (regs)



reën wat in baie produksiestreke ontvang is na die droogte van 2016 wat tot laer produksie gelei het. Ten spyte van verbeterde opbrengste, is die 2017 oes steeds laer as die 46 000 ton rekord-oes wat in 2015 geproduseer is. Die droogte in 2016 het veroorsaak dat produksie met 17,4% gedaal het in vergelyking met dieselfde tydperk in 2015.

Die toename in aanplantings en genoegsame reën behoort egter produksie in 2018 'n hupstoot te gee. Pryse sal nietemin daal in

2018, indien voorraadvlakke die vraag oorskry.

Die verwagting is vir die makadamiabedryf om oor die volgende paar jare uit te brei, weens 'n toename in aanplantings oor die afgelope klompie jare en die aanplantings wat nou begin om in produksie te kom. Produsente plants steeds nog hektare aan onder makadamiabome, met nuwe aanplantings wat ook ander gewasse soos suikerriet, sitrus, piesangs en houtplantasies vervang. Meer as 25 000ha is tans

onder makadamiabome in Suid-Afrika en aanplantings vermeerder teen 3 500ha per jaar.

Uitvoere

Suid-Afrika voer makadamianeute vanaf Maart tot November uit, met uitvoere wat piek tydens Junie en Julie. Aangesien Suid-Afrika 'n netto uitvoerder van makadamianeute is, het die wisselkoers en internasionale vraag en aanbod 'n groot impak op pryse wat in die buiteland gerealiseer word. Om te kapitaliseer op uitvoermarkte, moet Suid-Afrika meer verwerkingsaanlegte op die been bring, om die internasionale vraag vir gekraakte neute te bevredig.

Kern en neut-in-die-dop produksie

In 2016 het neut-in-die-dop (NID) uitvoere met 45% afgeneem. Dit was waarskynlik as gevolg van laer produksie en 'n toename in verwerkingskapasiteit, wat gelei het tot 'n 14% styging in die uitvoer van makadamas wat reeds gekraakte is. Die uitvoermark vir gekraakte

Tabel 1: Suid-Afrikaanse makadamiaproduksie (t), hoeveelheid gekraakte neute (t), en makadamianeute uitgevoer as neut-in-die-dop (t) van 2007 tot 2016

Jaar	Totale produksie (droog-in-dop [DID]*)	Hoeveelheid neute gekraak in SA (DID*)	Hoeveelheid uitgevoer as NID** (DID*)
2007	18 232	17 449	783
2008	21 650	20 134	1 516
2009	23 507	21 004	2 503
2010	28 429	24 926	3 503
2011	30 068	23 504	6 582
2012	34 571	21 295	13 276
2013	37 500	21 179	16 321
2014	44 890	25 766	19 124
2015	46 000	21 257	24 743
2016	38 000	24 230	13 680

Syfers in vetdruk is ramings

* 1,5% kernvog

** Neut-in-die-dop (NID)

Geen data oor NID-uitvoere is beskikbaar vir voor 2007 nie.

Suid-Afrikaanse uitvoere van Makadamas-NID word hoofsaaklik na Hong Kong, China, Taiwan en Viëtnam uitgevoer.

makadamas is gediversifiseer, met die meeste van Suid-Afrika se gekraakte neute wat na die VSA, EU, Hong Kong en die VK gaan. As gevolg van die 2016 droogte, kon Suid-Afrika nie sy uitvoermarkte ontwikkel nie omdat daar nie genoeg voorraad was om ander markte te betree of te voorsien nie.

Van die land se beste gehalte makadamianeute word in die dop uitgevoer, terwyl laer gehalte neute verwerk en gesorteer word.

Die bedryf behoort in die

toekoms meer makadamianeute te verwerk om in die hoë internasionale vraag na die produk te voorsien. Pryse by die plaashek het aansienlik gestyg oor die afgelope klompie jare en behoort aan te hou styg of stabiel te bly.

Vooruitsig

Internasionaal

Dit blyk dat produksie en winsmarges sal aanhou groei in die internasionale


makadamiabedryf. Volgens internasionale markneigings van boomneute, tesame met historiese data van Suid-Afrika, word daar verder verwag dat die vraag na makadamianeute oor die langtermyn, die aanbod sal bly oortref.

Binneland


Meer aanplantings oor die afgelope klompie jaar en genoegsame reëval behoort produksie in 2018 'n hupstoot te gee. Die verwagte styging in produksie in 2018, noodsaak Suid-Afrika om marktoegang tot uitvoerbestemmings te verbeter sodat produsente winsgewend kan bly.

Suid-Afrika se NID uitvoere na China en Taiwan mag in die toekoms daal, aangesien dit blyk dat China se produksie kan styg. Dit is dus krities vir die Suid-Afrikaanse makadamiabedryf om nou saam met die regering te werk in die onderhandeling vir voorkeur handelsooreenkomste met ander uitvoerbestemmings.

Grafiek 3: SA makadamianeut uitvoere (kern) (t) & pryse (regs)



Grafiek 4: SA NID makadamiat uitvoere (t) en prystendense (regs)



Pekanneute

Karabo Takadi & JG Horn, landbou-ekonome by Absa AgriBesigheid
Wessel Lemmer, senior landbou-ekonoom by Absa AgriBesigheid

Internasionale tendense

Die wêreld se grootste vier pekanneut-produiserende lande is, die VSA, Mexico, Suid-Afrika en Australië. Die verwagting is vir internasionale produksie om tydens die 2016/2017 seisoen effens hoër te wees as in die vorige seisoen.

Oorsig

In Mexiko sal die oes na verwagting laer wees hierdie seisoen, weens 'n tekort aan reën tydens kritieke maande. Probleme met die gehalte van die neute is ook vroeër die seisoen aangemeld.

Terwyl 2016 'n af-jaar vir pekanneute in Australië was, was produk kwaliteit goed. Stewige binnelandse vraag, tesame met 'n sterk internasionale mark, behoort die Australiese mark te ondersteun. Verder, terwyl China se belangstelling in pekanneute vanaf Australië sterk bly, word sterker aanvraag vanaf Europa en Asië, insluitend van ontwikkelende markte, opgemerk.

Pekanneut voorrade in die

VSA sal na verwagting hoër wees gedurende die 2016/2017 seisoen, as gevolg van produksie toenames in die meerderheid van produksieareas, tesame met hoër voorraadvlakke aan die begin van die seisoen en 'n toename in invoervolumes. Producentenpryse behoort ook te styg op die rug van sterk binnelandse en internasionale vraag. Slegte weerstoestande, insluitend die orkane Harvey en Irma, kan lei tot 'n afname in produksie tydens die 2017/2018 seisoen.

Binnelandse tendense

Suid-Afrika het in 2016 nagenoeg 10 900 ton pekanneute geproduseer. Dit, ten spyte van die droogte in 2016, wat gelei het tot waterbeperkings op besproeiingswater in sekere streke in die land. Produksie het, nietemin, geleidelik gestyg oor die afgelope nege jaar, met sowat 29 000ha wat tans onder dié bome geplant is, waarvan tussen 26% en 28% tans in produksie is. Die produksie

behoort aansienlik te styg oor die volgende vyf jaar soos wat meer boorde in produksie gaan.

Uitvoere

Die 2017 oes het rofweg 14 000 ton goeie gehalte pekanneute opgelewer, waarvan tussen 85% en 90% uitgevoer sal word. Die meeste van Suid-Afrika se pekanneute word in die dop uitgevoer na China, waar daar 'n sterk vraag is. Aangesien die mark groter neute verkies, word kleiner neute gekraak en in die binneland verkoop of uitgevoer na Europa.




Suid-Afrikaanse pekanneute land vars op die Chinese mark, wat 'n groot voordeel is vir plaaslike uitvoerders. Die twee belangrikste tye vir die bemarking van neute in China, is tydens die Chinese Nuwejaar, gewoonlik in Februarie, en die Herfsfees, rondom September. Aangesien Suid-Afrika pekanneute in Junie en Julie oes, is dit goed geposisioneer om dié mark in hierdie tye te voorsien. Verbruikers wat meer gesondheidsbewus geraak het,

is die grootste drywer van die groeiende vraag na pekanneute, terwyl die wisselkoers een van die grootste drywers van pryse is.

Die gemiddelde uitvoerprys vir pekanneute was R89/kg in 2016, in vergelyking met R66/kg in 2015 en R54/kg in 2014. Die toename in jaartot-jaar pryse kan tot 'n mate toegeskryf word aan fluktuasies in die wisselkoers.

Vooruitsig

Suid-Afrikaanse pekanneutproduksie behoort noemenswaardig toe te neem oor die volgende klompie jare, soos wat meer boorde in produksie gaan. Die groei in vraag sal gedryf word deur 'n styging in uitvoere na Asië waar vraag besig is om te verbeter soos wat die bevolking groei. Verder sal vraag ook gedryf word deur verbruikers wat meer gesondheidsbewus raak en gesonder snoephappies soek.





Wild

Wessel Lemmer, senior landbou-ekonomies by Absa AgriBesigheids
Dr Flippie Cloete, hoof van Terratek by Suidwes Landbou
Ernst Janovsky, onafhanklike landbou-ekonomies

Oorsig

Belangstelling in die teling van skaars en hoër waarde wild, tesame met die teling van kleur- en morfologiese variante, het begin tydens die globale finansiële krisis van 2007 tot 2009. Die rand was relatief sterk voor die krisis, wat gelei het tot laer winsmarges in die wildbedryf, met die sterker rand wat inkomste van beide plaaslike en internasionale jagters onderdruk het.

Die teling van hoër waarde en of kleur- en morfologiese variante, het oplewing in die bedryf gebring en so die soeke aan die gang gesit vir die beste genetiese materiaal om diere te teel met eienskappe wat in lyn is met wat professionele, internasionale trofeejagters soek. Die vraag na top genetiese teelmateriaal in die wildbedryf het skerp gestyg sedert 2013, met pryse, vir die meeste wildspesies, wat historiese hoogtes in 2015 bereik het. Die droogte in 2016 en lae kommoditeitspryse van 2017, het egter 'n negatiewe impak gehad

op die koopkrag van wildboere en telers van die somerreëval-produksiestreke. Dit is omdat die droogte nie net die bruto inkomste van graan- en oliesaadprodusente negatief beïnvloed nie, maar ook dié van produsente wat boer met permanente gewasse en lewendende hawe, as gevolg van hoër voerpryse. Dit het dit weer duurder gemaak om wild in goeie kondisie te hou.

Verbeterde teling het die gehalte en voorraad van wild laat verbeter, sodat die aantal veulings en diere wat by veulings aangebied word opmerklik gestyg het oor die afgelope klompie jare. Die impak van die droogte op inkomste en produksiekoste, sowel as die op die jagbedryf, het gelei tot 'n afwaartse neiging in wildpryse. Verder het beleggingsvertroue afgeneem wat die vraag negatief beïnvloed het. Pryse vir diere by wildveulings het skerp geval tot vlakke naby die huidige verbruikswaarde van die meeste diere. Siektevrye buffels is debatteerbaar die uitsondering, met pryse wat oorheersend by hoër



vlakke bly. Die elastisiteit in pryse vir siektevrye buffels is hoofsaaklik as gevolg van die sterk vraag vanaf goedgevestigde wildboere.

Die vooruitsig is gebaseer op data wat ontvang is van al die wildveulings wat in Suid-Afrika plaasgevind het sedert Januarie 2008 tot Augustus 2017. Die vooruitsig gee ook 'n aanduiding van pryse en die aantal diere wat na verwagting op wildveulings te koop sal wees in 2018 en 2019.

Kleiner vlaktewild

(Springbok, rooibok, blesbok)

- Die swak ekonomie het ongetwyfeld 'n negatiewe impak gehad op plaaslike jagters en hulle verbruikspatrone. Navorsing wat onlangs deur Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES) aan Noordwes Universiteit gedoen is, het gevind dat jagters nie noodwendig minder spandeer nie, maar wel minder diere per jaar jag. Dit is as gevolg van die hoër prys van jagdiere, tesame met die toename in pryse van toerusting en ander geassosieerde kostes, soos verblyf, voedsel en brandstof. 'n Afname in die aantal diere wat jaarliks per jagter gejag word, kan verder bydra tot die huidige druk op pryse. Die afname in pryse van kleur- en morfologiese-variante, het op dieselfde manier bygedra tot 'n afname in die gemiddelde pryse van verskeie vlaktewildspesies.
- Die pryse van rooibokke en springbokke, wat voorheen as hoër waarde spesies gesien is, het



nou gedaal, terwyl die prys van blesbokke relatief stabiel gebly het op laer vlakke as vorige jare

- Die verwagting is vir die prys van vroulike spesies om met 8% te daal tydens 2018, in vergelyking met pryse in 2017, en vir die aantal vroulike diere op wildveulings om met 15% te styg.
- Pryse vir manlike diere sal na verwagting met 15% daal in 2018, in vergelyking met 2017, terwyl die aantal diere wat op veulings aangebied word in 2018, met 29% sal styg.

Groter vlaktewild

(Koedoe, blouwildebees, gemsbok)



- Plaaslike jagters se vraag na groter wild is oor die algemeen hoër as vir kleiner wildspesies. Pryse vir grootwild is vir dié rede geneig om meer elasties te wees en word ondersteun deur hoër bees- en skaappryse.
- Beter weidingstoestande en reëval in die somerreëval produksiestreke sal die winsgewendheid van wildboerdery verbeter, aangesien dit voerkoste

sal laat daal en die bevolkingsgroeitempo sal versnel.

- Die waarde van bulle met gesplete gene, soos goue wildebeeste, het verswak tot dieselfde vlak as vir bulle met geen gesplete gene. Aangesien bulle met gesplete gene nie meer gebruik word of premies behaal vir teelddoeleindes nie, word hulle vir die jagveld bemark teen dieselfde pryse as bulle met geen gesplete gene.
- Die verwagting is vir pryse van vroulike wild om met 5% te daal in 2018, in vergelyking met 2017, terwyl die aantal vroulike diere by veilings met 29% sal styg in 2018. Pryse vir manlike wild sal daal met 9% in 2018, in vergelyking met 2017, terwyl die aantal manlike diere op veilings met 29% sal styg in 2018.

Intermediêre vlaktewild (Njala)

- Die verwagting is vir die pryse van manlike wild om met 4% te daal in 2018, in vergelyking met 2017, terwyl die aantal diere op veilings met 20% sal toeneem. Die marginale afname in prys kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die opmerkbare verskil in die pryse van jong en ouer diere. Aangesien volwasse manlike diere tans baie hoër pryse behaal, is daar vir boere 'n finansiële insentief om die diere langer te hou voordat hulle verkoop word. Dit verskaf onderliggende ondersteuning aan pryse.
- Pryse vir vroulike diere sal na verwagting met 31% daal in 2018,



in vergelyking met 2017, terwyl die aantal vroulike diere op veilings met 28% sal styg.

Hoëwaarde-vlaktewild (Buffels, swartwitpens, bastergemsbok)

- In teenstelling met vorige jare, is daar 'n verwagting dat meer volwasse en trofeediere op veilings aangebied sal word in 2018 en dat hulle hoër pryse as te vore sal behaal. Daar word verwag dat meer vroulike swartwitpens en

bastergemsbokke in 2018 op veilings verkoop sal word as in 2017, as deel van telers se poging om dieselfde inkomste as vorige jare te handhaaf.


- Buffelpryse sal waarskynlik relatief hoog bly in 2018, wat onderliggende ondersteuning aan ander hoëwaarde vlaktewildspesies sal bied.
- Die verwagting is vir pryse van vroulike diere om met 13% te daal in 2018, in vergelyking met 2017, terwyl die aantal diere op veilings dieselfde as in die vorige jaar sal wees.
- Pryse vir manlike diere sal waarskynlik met 13% styg, in

vergeelyking met 2017, terwyl die aantal manlike diere op veilings met 17% sal toeneem in 2018.

- As gevolg van die negatiewe korrelasie tussen horinggrootte en vrugbaarheid, word telers gewaarsku om nie produktiwiteit negatief te beïnvloed deur tydens seleksies meer waarde te heg aan horinglengte as vrugbaarheidsenskappe nie.

Kleurvariant-wild (Swartroobok, goue wildebeeste)

Vir die eerste keer ooit, is 'n groter poging aangewend om 'n verbruikersmark vir kleur- en of morfologiese variante te ontwikkel. 'n Aantal kleur- en of morfologiese variante, veral goue wildebeeste en swartroobokke, is tydens 2017 gejaag. Volgens huidige informasie van die jagbedryf word die meeste van die kleur- en of morfologiese variante nie vooruitbespreek by jagskoue of ander soortgelyke platforms nie, maar die meerderheid van jagters wat besluit om dié diere te jag maak die besluit wanneer hulle op safari in Suid-Afrika is. Die blyk dat dit, onder andere, toegeskryf kan word aan vooropgestelde idees, dat hierdie diere mak en geneties gemanipuleer is. Alhoewel hierdie aanname waarskynlik gegrond is op onakkurate informasie vanaf gedrukte of uitgesaaië populêre media, blyk dit dat jagters se indrukke tog verander wanneer hulle op safari in Suid-Afrika is.



- Soortgelyk aan hoëwaarde-wildspesies, sal die aantal van hierdie diere wat op veilings aangebied word waarskynlik toeneem in 2018 en 2019, wat sal lei tot 'n afname in pryse.
- Die waarde van bulle met gesplete gene, soos goue wildebeeste, het verswak tot dieselfde vlak as vir bulle met geen gesplete gene.
- Die verwagting is vir pryse vir vroulike diere om skerp te val in 2018, terwyl die aantal vroulike diere op veiling met 19% sal toeneem.
- Pryse vir manlike diere sal na verwagting skerp daal in 2018, terwyl die aantal manlike diere op veiling ietwat laer of dieselfde sal wees as wat in 2017 aangebied is.

Vooruitsig

Die verwagting is vir die wildbedryf om oor die volgende twee jaar 'n konsolideringsfase te betree. Die aantal veilings wat regoor die land aangebied word, sal gevolglik afneem in vergelyking met vorige

jare. Meer diere sal nietermin op die veilings aangebied word.

As gevolg van laer winsmarges, mag wildverkopers egter verkies om diere eerder uit die hand te verkoop as om die hoë bemarkings en logistieke kostes aan te gaan, wat met veilings gepaardgaan. Om inkomstevlakke en omset te handhaaf, sal die aantal laer gepryste diere wat op veilings aangebied word, oor die volgende twee jaar toeneem. Aangesien daar verwag word dat die rand taamlik sterk sal bly oor die mediumtermyn, sal inkomste uit internasionale jagters beperk bly. Indien beleidsonsekerheid en staatskuldvlakke aanhou styg, is daar 'n moontlikheid vir verdere kredietafgraderings, veral as Suid-Afrika se handelsbalans versleg. 'n Kredietafgradering sal die rand laat verswak, wat tot voordeel van die jag- en wildbedrywe sal wees, mits beleidsonsekerheid nie 'n negatiewe impak op toerisme het nie. Wildboere wat in vorige jare top teelmateriaal bekom het, sal na verwagting winsgewend bly.

Volstruise

Conce Moraba en Pieter de Jager, landbou-ekonome by Absa AgriBesigheid
Wessel Lemmer, senior landbou-ekonoom by Absa AgriBesigheid

Voëlgriep is in Junie 2017 in Suid-Afrika bevestig en sedertdien het die H5N8 virusstam versprei na volstruisplase in die Suid-Kaap, met 12 bevestigde gevalle van voëlgriep op volstruise plase naby Heidelberg sowel as op plase tussen Oudtshoorn en Calitzdorp. Die bedryf sal na verwagting vinnig herstel, aangesien dit blyk dat volstruise die genetiese vermoë het om weerstand teen die virus te ontwikkel. In die afwesigheid van genoeg staatsfondse om boere te vergoed vir verliese, word nie al die diere in geaffekteerde troppe van kant gemaak nie. Volstruise wat oorbly ontwikkel weerstand teen die siekte en kom later vinniger terug in produksie as hul eweknieë in die pluimveebedryf.

Die markte

Vars vleis

Weens die uitbraak van voëlgriep en streng fitosanitêre vereistes, is daar tans 'n verbod op die uitvoer van vars volstruisvleis na Europa. Nadat voëlgriep in 2011

in Suid-Afrika uitgebreek het, wat ernstiger beskou word as die huidige uitbraak, het die bedryf 'n oorsese mark vir gaar volstruisvleis ontwikkel. Die prys vir vars vleis is egter beter en die bedryf sukkel om die mark vir gaar vleis in stand te hou. Die mark moet dus verder ontwikkel word om die uitvoere van gaar vleis te ondersteun en te laat groei.

Uitdagings vir toekomstige uitvoere

Die geografiese nabyheid van volstruisplase, verhoog die risiko van besmetting wanneer plase nader as 10km van mekaar geleë is. Byvoorbeeld, in twee gevalle waar voëlgriep bevestig was, is 70 plase onder kwarantyn geplaas en 'n verbod op die uitvoer van vars vleis geplaas, as gevolg van die nabyheid van die plase aan die geaffekteerde plase.

Pryse bly egter hoog weens beperkte voorrade. Volgens die huidige proses kan uitvoere van vars vleis weer toegelaat word, drie maande nadat Suid-Afrika vry van

voëlgriep verklaar word. Aangesien al die volstruise onder kwarantyn nie van kant gemaak word nie, kan dit egter heelwat langer as drie maande neem vir die verbod op die uitvoer van vars vleis, om gelig te word.

Vere

Die meeste vere word uitgevoer na Europa vir die vervaardiging van verestoffers, Brasilië vir karnavalklere of ander lande vir gebruik in die produksie van mode-bykomstighede. Die verwagte afname in volstruisproduksie en slagsyfers sal lei tot goeie prysondersteuning. Die verwagting is vir vererpryse om oor die mediumtermyn hoog te bly en 'n groter bydrae te maak tot die winsmarges uit volstruis. Verder is die wêreldvraag na volstruisvere tans groter as die aanbod.

Weens die verwagte afname in slagsyfers, behoort die aanbod van vere op die langtermyn laag te bly, wat pryse verder sal ondersteun. 'n Tekort aan vere en 'n afname in die gehalte van vere word ook verwag,

omdat volstruise so vinnig geslag word dat hul vere nie volwasse genoeg raak om beter pryse te behaal nie.


Leer

Daar word verwag dat die internasionale mark vir skaars en eksotiese leer, wat ondermeer uit volstruis- en krokodilleer bestaan, sal kwyn oor die langtermyn.

Die mark vir volstruisleer bestaan uit twee belangrike bedrywe: Eerstens is volstruisleer gewild in die vervaardiging van Amerikaanse stewels. Dit lyk egter asof die jonger generasie Amerikaners minder belangstel in dié produk as ouer generasies. Dit is dus belangrik vir die bedryf om nuwe markte vir volstruisleer te ontwikkel, om te kompenseer vir die laer vraag na volstruisleer in die USA.

Tweedens bly die vraag sterk na volstruisleer vanaf internasionale handelsmerke vir die vervaardiging van handsakke.

Lande, soos Suid-Korea, voer volstruisleer vanaf Suid-Afrika



in, verwerk dit om handsakke te vervaardig en voer die handsakke dan uit na lande soos Japan, China, Hong Kong en Singapoer.

Die mark vir volstruisleer vir die vervaardiging van handsakke sonder handelsmerke in Asië is egter nie so lewendig soos die handelsmerk mark in Europa nie, sodat die vraag na volstruisleer in Asië onder druk bly.

Produsente moet voortaan probeer om die gehalte van velle wat aan die leerlooierij gelewer word te verbeter, aangesien 'n beter gehalte vel 'n aansienlike verskil kan maak aan die inkomste wat uit elke volstruis gemaak kan word.

Voerpryse

Voerpryse behoort vir die volgende twee jaar redelik laag te bly danksy die buitengewone groot mielie- en sojaboon oes tydens die 2017 oesjaar.

Dit sal winsgewendheid verbeter en help om die invloed van laer produksie getalle te versag.

Vooruitsig

Slagsyfers sal waarskynlik daal oor die volgende twee tot drie jaar. Tot 30 Junie 2017 is 171 000 volstruise geslag en daar word verwag dat die syfer sal afneem na tussen 155 000 en 158 000 volstruise in 2018. Die syfer behoort in 2019 verder te daal na tussen 110 000 tot 120 000 slagvoëls. Die daling in slagsyfers kan toegeskryf word aan die voëlgriepuitbraak, laer produksie weens laer slagpryse en die impak van die droogte op voerpryse.

Daar word verwag dat produsente toenemend sal spesialiseer in verskillende fasette van volstruisproduksie, soos vleis-, leer- en vereproduksie.

Die nabyheid van volstruisplase aan mekaar het 'n groot impak op die uitvoer van vars vleis en moet aangespreek word.

Die moontlikheid bestaan ook dat volstruiskuikens in die toekoms op plase grootgemaak sal word, in streke waar voer vervaardig word en waar plase meer as 10km uitmekaar is.

Bylaag B: Kommoditeitstabelle

Sitrus

Groente

Tabel 1: Tamatie tendense (t) in Suid-Afrika vanaf 2010 tot 2018

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Uitvoere	Pryse (R/t)
2010	523 000	120	520 000	3 000	4 454
2011	545 000	330	540 000	6 000	4 449
2012	527 000	330	513 000	14 000	4 738
2013	538 000	360	536 000	2 000	5 096
2014	539 000	370	537 000	2 000	6 086
2015	561 000	340	559 000	2 000	6 043
2016	573 000	460	571 000	2 000	5 803
2017	581 000	300	579 000	3 000	5 911
2018	591 000	290	588 000	3 000	5 878

Tabel 2: Aartappel tendense in Suid-Afrika (t) vanaf 2010 tot 2018

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Uitvoere	Pryse (R/t)
2010	2 165 000	10	2 122 000	43 000	2 688
2011	2 205 000	10	2 185 000	20 000	2 616
2012	2 202 000	20	2 158 000	44 000	2 658
2013	2 194 000	40	2 184 000	10 000	3 382
2014	2 344 000	30	2 331 000	13 000	3 448
2015	2 318 000	10	2 304 000	14 000	2 888
2016	2 322 000	60	2 311 000	11 000	4 771
2017	2 330 000	30	2 316 000	14 000	3 269
2018	2 320 000	20	2 306 000	14 000	3 240

Tabel 3: Wortel tendense in Suid-Afrika (t) vanaf 2010 tot 2018

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Uitvoere	Pryse (R/t)
2010	152 000	0	124 000	28 000	3 431
2011	178 000	20	153 000	25 000	2 915
2012	183 000	10	177 000	6 000	2 725
2013	184 000	10	183 000	1 000	3 283
2014	202 000	0	201 000	1 000	3 968
2015	214 000	10	212 000	2 000	3 108
2016	218 000	0	216 000	2 000	3 806
2017	220 000	0	219 000	1 000	3 776
2018	225 000	0	224 000	1 000	3 688

Tabel 4: Ui tendense in Suid-Afrika (t) vanaf 2010 tot 2018

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Uitvoere	Pryse (R/t)
2010	563 000	420	555 000	8 000	3 142
2011	625 000	430	615 000	10 000	2 608
2012	596 000	410	588 000	8 000	3 095
2013	619 000	310	612 000	7 000	4 166
2014	675 000	320	667 000	8 000	4 253
2015	687 000	280	678 000	9 000	3 523
2016	688 000	460	680 000	9 000	5 423
2017	693 000	240	682 000	11 000	2 828
2018	676 000	250	668 000	8 000	5 624

Tabel 5: Suid-Afrikaanse suurlemoenproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Processing	Uitvoere	Prys (R/t)
2010	216 202	54	11 484	731	151 640	4 055
2011	260 994	270	12 821	982	166 853	3 244
2012	240 750	113	12 520	720	166 619	4 754
2013	257 819	363	13 270	596	175 989	5 550
2014	329 095	677	14 934	1 288	219 455	6 771
2015	353 051	920	14 908	1 378	246 293	7 238
2016	323 358	2 038	15 958	3 066	236 842	8 399
2017	401 839	1 750	15 583	4 730	222 915	6 933
2018	454 169	2 029	16 517	4 196	292 812	7 729
2019	543 408	2 308	18 588	5 659	378 259	9 001
2020	1 059 465	2 587	18 556	7 602	840 228	9 116
2021	1 290 977	2 866	19 863	5 574	107 8321	10 013

Tabel 6: Wêreld-suurlemoenproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Processing	Uitvoere	Prys (VSA\$/t)
2010	7 037 000	1 425 000	4 626 000	2 347 000	1 489 000	724
2011	6 524 000	1 497 000	4 478 000	1 854 000	1 689 000	803
2012	6 510 000	1 526 000	4 580 000	1 904 000	1 552 000	663
2013	6 214 000	1 517 000	4 597 000	1 543 000	1 591 000	737
2014	7 405 000	1 602 000	4 947 000	2 338 000	1 722 000	1 042
2015	6 938 000	1 812 000	5 008 000	1 920 000	1 822 000	977
2016	7 209 000	1 805 000	5 138 000	1 985 000	1 891 000	1 117
2017	7 101 000	1 704 000	5 090 000	1 980 000	1 910 000	1 025
2018	7 223 000	1 705 000	5 098 000	1 971 000	1 900 000	1 031
2019	7 243 000	1 771 000	5 228 000	2 046 000	1 973 000	1 048
2020	7 346 000	1 876 000	5 416 000	2 161 000	2 075 000	1 008
2021	7 499 000	1 870 000	5 305 000	2 186 000	2 105 000	1 063

Tabel 7: Suid-Afrikaanse sagtesitrusproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Processing	Uitvoere	Prys (R/t)
2010	148 313	751	9 046	26 233	116 670	3 805
2011	130 113	846	10 283	16 212	108 569	4 091
2012	142 166	898	11 209	20 018	122 631	3 760
2013	171 234	1 395	23 021	26 769	133 548	5 159
2014	195 293	928	23 833	22 062	153 177	5 442
2015	202 563	1 146	23 941	28 620	156 583	5 606
2016	219 334	1 267	22 503	33 537	189 597	5 811
2017	240 709	1 344	17 833	20 726	202 150	6 063
2018	284 148	1 421	23 247	25 591	235 309	6 788
2019	443 084	1 499	21 709	34 222	387 153	7 071
2020	481 767	1 577	24 678	28 205	428 884	7 344
2021	520 449	1 654	26 900	36 588	456 960	7 767

Tabel 8: Wêreld-sagtesitrusproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Processing	Uitvoere	Prys (VSA\$/t)
2010	21 898 000	2 034 000	20 333 000	1 495 000	2 104 000	775
2011	23 761 000	2 216 000	22 177 000	1 411 000	2 389 000	940
2012	24 489 000	2 117 000	23 057 000	1 384 000	2 165 000	920
2013	26 474 000	2 281 000	24 847 000	1 425 000	2 483 000	948
2014	28 294 000	2 177 000	26 527 000	1 614 000	2 330 000	968
2015	28 730 000	2 181 000	27 186 000	1 409 000	2 316 000	913
2016	28 527 000	2 292 000	26 883 000	1 491 000	2 445 000	994
2017	30 121 000	1 099 000	28 789 000	1 480 000	2 611 000	1 154
2018	31 310 000	1 257 000	31 151 000	1 501 000	3 166 000	1 164
2019	33 625 000	1 412 000	23 185 000	1 611 000	2 976 000	1 059
2020	34 583 000	1 662 000	25 330 000	1 712 000	3 621 000	1 045
2021	35 434 000	1 801 000	26 531 000	1 720 000	3 398 000	1 061

Sitrus

Tabel 9: Suid-Afrikaanse lemoenproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Verwerking	Uitvoere	Prys (R/t)
2010	1 415 447	1 468	134 872	266 508	1 123 510	1 608
2011	1 496 417	1 349	137 964	306 761	988 154	1 763
2012	1 646 425	9 809	129 244	351 436	1 107 218	1 912
2013	1 808 142	19 292	126 370	421 474	1 173 286	2 075
2014	1 797 476	13 108	120 310	439 590	1 142 640	2 231
2015	1 761 115	16 670	114 110	402 088	1 159 411	2 543
2016	1 382 793	3 468	89 035	212 129	1 063 813	3 817
2017	1 849 365	15 015	142 587	524 033	1 706 778	3 259
2018	2 034 748	16 442	148 392	545 366	1 886 356	3 607
2019	2 204 361	17 868	146 115	536 997	2 058 247	3 826
2020	2 211 679	19 294	135 320	497 324	2 076 359	4 068
2021	2 088 973	20 721	127 389	468 178	1 961 584	4 306

Tabel 10: Wêreld-lemoenproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Processing	Uitvoere	Prys (US\$/t)
2010	55 990 000	3 495 000	28 825 000	26 639 000	3 996 000	537
2011	53 797 000	3 668 000	30 839 000	22 729 000	3 932 000	600
2012	49 851 000	3 628 000	28 928 000	20 662 000	3 889 000	527
2013	52 082 000	3 423 000	30 670 000	20 833 000	4 002 000	503
2014	48 938 000	3 708 000	28 231 000	20 356 000	4 059 000	529
2015	46 993 000	4 006 000	29 253 000	17 278 000	4 468 000	515
2016	50 186 000	4 115 000	28 190 000	21 482 000	4 629 000	565
2017	51 089 000	4 130 000	28 496 000	21 038 000	4 540 000	438
2018	51 183 000	4 188 000	29 691 000	20 152 000	4 906 000	407
2019	49 929 000	4 152 000	28 962 000	20 342 000	5 047 000	359
2020	48 747 000	4 280 000	29 305 000	19 429 000	5 193 000	317
2021	47 841 000	4 594 000	29 283 000	19 259 000	5 196 000	302

Tabel 11: Suid-Afrikaanse pomelo-produksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Verwerking	Uitvoere	Prys (R/t)
2010	343 028	1 000	5 393	122 572	216 112	1 472
2011	415 572	4 000	4 412	199 034	220 030	2 082
2012	308 741	4 208	4 306	120 043	180 515	2 306
2013	443 066	17 705	6 017	178 331	262 909	2 336
2014	417 421	11 526	4 428	191 138	217 184	3 113
2015	390 473	7 259	3 918	153 801	220 240	3 960
2016	284 350	3 964	3 615	101 333	202 495	5 193
2017	400 000	10 342	4 139	159 435	232 433	4 982
2018	410 000	11 153	4 243	163 421	238 244	5 514
2019	440 000	11 965	4 553	175 379	255 677	5 848
2020	463 158	12 777	4 793	184 609	269 134	6 219
2021	474 737	13 589	4 913	189 225	275 862	6 582

Tabel 12: Wêreld-pomelo-produksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Invoere	Verbruik	Verwerking	Uitvoere	Prys (US\$/t)
2010	5 227 000	752 000	4 243 000	928 000	808 000	468
2011	5 544 000	731 000	4 602 000	873 000	800 000	544
2012	5 842 000	743 000	4 818 000	954 000	813 000	514
2013	6 067 000	752 000	5 087 000	907 000	825 000	477
2014	6 246 000	670 000	5 422 000	745 000	736 000	462
2015	6 363 000	700 000	5 634 000	710 000	784 000	470
2016	5 934 000	688 000	5 313 000	552 000	756 000	525
2017	6 241 000	714 000	5 524 000	528 000	790 000	499
2018	6 620 000	746 000	5 905 000	540 000	787 000	498
2019	6 867 000	754 000	6 054 000	525 000	849 000	462
2020	7 158 000	701 000	6 398 000	608 000	772 000	466
2021	7 800 000	738 000	6 957 000	640 000	849 000	474

Avokado's

Tabel 13: Suid-Afrikaanse avokadoproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie	Uitvoere	Invoere	Verbruik	Prys (R/kg)
2010	104 677	47 808	1 683	56 868	11,30
2011	80 142	27 636	1 799	52 506	7,20
2012	117 129	50 317	1 805	66 811	9,36
2013	103 131	46 400	2 308	56 731	14,91
2014	133 708	60 177	1 962	73 531	15,33
2015	117 238	52 095	2 246	65 143	17,20
2016	123 392	55 736	2 416	67 655	19,64
2017	105 000	49 944	2 670	57 726	20,89
2018	136 950	69 001	2 924	70 872	24,76
2019	111 142	48 884	3 178	65 436	28,59
2020	172 182	92 350	3 432	83 263	30,83
2021	160 701	93 686	3 686	70 701	32,62

Makadamianeute

Tabel 14: Suid-Afrikaanse makadamiaproduksie (t) en Prystendense 2010 - 2021

Jaar	Produksie (droog-in-dop)	Plaashekprys (R/kg kern)	Plaashekprys (R/kg droog-in-dop)
2010	28 429	69,00	19,30
2011	30 068	103,00	28,80
2012	34 571	112,00	31,40
2013	37 500	112,00	31,40
2014	44 890	125,50	35,10
2015	46 000	191,00	61,30
2016	38 000	192,40	62,32
2017	42 000	183,30	55,50
2018	57 042	203,30	60,50
2019	60 845	232,80	69,70
2020	65 493	245,10	74,50
2021	70 141	255,30	80,00

Tabel 15: Wêreld-makadamiaproduksie (t) vanaf 2015 tot 2021

Jaar	Australië	SA	VSA	Kenia	Malawi	Ander
2015	45 000	46 000	15 845	23 239	5 282	20 520
2016	48 600	38 000	15 845	28 521	8 451	23 387
2017	48 750	42 000	15 845	32 746	6 338	30 000
2018	52 817	57 042	15 845	38 028	8 028	40 775
2019	55 986	60 845	15 845	42 254	6 761	57 676
2020	58 099	65 493	15 845	47 958	8 451	82 851
2021	60 211	70 141	15 845	53 662	9 541	106 025

Pekanneute

Jaar	Produksie	Prys (R/kg)	Uitvoere	Verbruik
2012	7 900	31,00	6 076	1 824
2013	6 900	51,00	5 034	1 866
2014	9 900	54,00	7 998	1 902
2015	10 500	66,00	8 371	2 129
2016	10 900	90,00	8 582	2 318
2017	13 552	79,00	11 197	2 355
2018	18 229	89,00	15 836	2 393
2019	22 906	99,00	20 475	2 431
2020	27 583	103,00	25 114	2 469
2021	32 260	105,00	29 753	2 507

Jaar	Wêreld	US	Mexiko	SA	Ander	Gem. Prys (VSA\$/kg)
2012	307 426	169 811	109 434	7 900	20 280	3,78
2013	251 814	120 755	107 547	6 900	16 612	5,26
2014	269 166	120 755	120 755	9 900	17 756	4,99
2015	269 808	116 981	124 528	10 500	17 799	5,20
2016	271 000	118 868	120 755	10 900	19 579	6,09
2017	290 008	120 868	117 755	13 552	21 536	6,00
2018	309 015	133 559	121 758	18 229	23 690	6,10
2019	328 023	146 250	125 762	22 906	26 059	5,90
2020	347 030	158 941	129 766	27 583	28 665	5,80
2021	366 038	168 284	133 847	32 260	31 532	5,70

Wild

Jaar	Vroulik (R/eenh)	Vroulik verkoop	Manlik (R/eenh)	Manlik verkoop	Gem. (R/eenh)	Totaal verkoop
2010	1 051	3 814	1 388	660	1 100	4 474
2011	1 051	3 814	1 388	660	1 100	4 474
2012	1 134	5 602	1 496	725	1 176	6 327
2013	1 291	7 477	1 683	1 137	1 343	8 614
2014	2 615	7 423	2 161	1 648	2 532	9 071
2015	3 078	10 145	2 018	2 458	2 869	12 603
2016	1 895	10 191	1 800	2 574	1 876	12 765
2017	1 614	5 562	2 000	1 659	1 711	7 221
2018	1 487	6 372	1 712	2 147	1 551	8 519
2019	1 303	6 291	1 634	2 274	1 402	8 565


Jaar	Vroulik (R/eenh)	Vroulik verkoop	Manlik (R/eenh)	Manlik verkoop	Gem. (R/eenh)	Totaal verkoop
2010	3 428	2 123	5 577	395	3 766	2 518
2011	3 428	2 123	5 577	395	3 766	2 518
2012	2 788	2 955	5 815	513	3 236	3 468
2013	4 015	3 518	7 011	972	4 689	4 490
2014	4 605	4 154	7 990	1 194	5 372	5 348
2015	5 490	5 457	6 493	1 926	5 757	7 383
2016	4 291	5 009	5 946	1 856	4 735	6 865
2017	4 538	3 173	6 487	1 356	5 131	4 529
2018	4 293	4 091	5 912	1 756	4 790	5 847
2019	4 297	4 212	5 964	1 891	4 826	6 103

Wild

Jaar	Vroulik (R/eenh)	Vroulik verkoop	Manlik (R/eenh)	Manlik verkoop	Gem. (R/eenh)	Totaal verkoop
2010	6 548	366	9 025	102	7 088	468
2011	6 548	366	9 025	102	7 088	468
2012	7 090	828	10 035	161	7 570	989
2013	11 174	886	12 236	296	11 453	1 182
2014	26 903	1 516	34 819	410	28 603	1 926
2015	24 246	1 614	14 512	425	22 189	2 039
2016	20 402	1 236	11 959	483	18 017	1 719
2017	13 610	1 200	11 999	432	13 190	1 632
2018	9 367	1 530	11 517	519	9 928	2 049
2019	9 422	1 636	11 466	596	9 986	2 232

Jaar	Vroulik (R/eenh)	Vroulik verkoop	Manlik (R/eenh)	Manlik verkoop	Gem. (R/eenh)	Totaal verkoop
2010	381 357	566	195 723	401	307 140	967
2011	381 357	566	195 723	401	307 140	967
2012	369 316	427	92 136	336	247 255	763
2013	404 996	396	123 732	423	256 350	819
2014	543 044	619	151 718	404	384 486	1 023
2015	324 216	415	100 322	495	207 851	910
2016	258 153	855	87 312	518	194 827	1 373
2017	166 855	949	81 761	490	139 566	1 440
2018	145 790	948	92 078	571	126 815	1 519
2019	145 875	1 085	93 802	640	127 594	1 724

Jaar	Vroulik (R/eenh)	Vroulik verkoop	Manlik (R/eenh)	Manlik verkoop	Gem. (R/eenh)	Totaal verkoop
2010	216 194	134	307 360	45	239 113	179
2011	216 194	134	307 360	45	239 113	179
2012	219 709	267	378 279	79	255 914	346
2013	226 961	98	279 164	53	248 737	151
2014	439 872	248	423 333	136	433 670	384
2015	351 417	392	351 738	187	351 522	579
2016	140 976	465	130 692	177	138 274	642
2017	16 518	540	37 543	251	22 993	791
2018	14 067	644	14 162	245	14 093	889
2019	13 937	635	11 330	245	13 219	879



By Absa AgriBesigheid, glo ons daarin om blywende verhoudings met ons kliënte te kweek om hulle op hul reis na sukses te plaas.

Absa is reeds vir die afgelope 100 jaar 'n vennoot in die landbou-sektor en het sy voorraad aan ervaring gebruik om doeltreffende, effektiewe oplossings vir alle kommoditeite in die sektor te ontwikkel.

Absa verstaan die landbou en die waardevolle rol wat dit in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel. As dit met verwaarde sektore gekombineer word, dra die sektor tot 25% tot die BBP by en verskaf werk aan meer as 850 000 permanenter werkers. Absa het ook ervaring en insig in die unieke verhoudings en risiko's van die landbou-sektor. Baie situasies vir langer as 'n eeu al op Absa vir strategiese beplanning en die bemiddeling van boerdery-geselskappe. Om doeltreffende reël-landbou-dienste en -oplossings bied aan boere die finansiële ondersteuning en getroue om hulle besighede te bedryf, ongeag hoe groot dit is.

As jy met Absa 'n vennootskap aangaan, gaan jy nie 'n vennootskap met sommen enige hark aan nie; jy gaan 'n vennootskap aan met die bank wat hier is sodat jy kan [flourish](#).

Kontak jou lokale Absa AgriBesigheid [0800 41 03 02](tel:0800410302) vir verdere inligting.

 ABSA